Jaargang 19 no 4
April 2010

- **Op julle merke...! 2**
- **Erediens vs Erediens 5**
- Kerknuus 7
- God volkome sien in die toekoms 9
- Sterfdag van Christus en Opstanding 11
- Seks in die kerk 12
- Atlethes in Action : Road 2 Africa 14
- Resensie : Mugabe and the white african 18
- Die Franse Rewolusie – lesse vir die nuwe Suid Afrika ... 19
- Julius 22
- Leeskring op Guernsey-Eiland 24
- Reaksie: Christus in die middel 25
- Boekenuus 27

REDAKSIONEEL

Met Paasfees wat naderkom, sien 'n mens twee uiteenlopende lewensbenaderings raak: een waar Christene hulself verdiep in die ongelooflike reddingsaksie waarby die Skepper van hemel en aarde betrokke was en een waar mense in die algemeen hulself verdiep in vakansie- en winkelaktiwiteite (en in die Paashaas verkrygbaar in 'n verskeidenheid soorte sjokolade).
Hierdie onderskeid kan ook opgemerk word in die benadering wat mense het teenoor een van die grootste sportgebeurtenisse van die jaar in die wêreld, naamlik die Sokker-Wêreldbeker 2010. Daar is merkwaardige ooreenkomste tussen die benaderings van fanatiese sokkergeesdriftiges en Christene wat die Here getrou wil dien. Miskien is dit 'n effens uitdagende stelling, maar tog stem dit ons tot nadenke. Ds Erik van Alten bespreek hierdie onderwerp 'n paar bladsye verder en so kan ons die verskille/ooreenkomste/ironie uitwys en raaksien in die tema van hierdie uitgawe, naamlik: "**Op die Wysie van die Vuvuzela**".
Die vraag kan dus gevra word in watter konteks ons na sport in die wêreld van vandag moet kyk. Is dit deel van ons kultuuropdrag? Die Bybel verwys op 'n paar plekke na sportbeelde wat bekend was in die Griekse/Romeinse wêreld en wat dus ook nie onbekend was vir die jong kerk in die Nuwe Testament nie. Een ding wat verseker oorweeg kan word in die bespreking van sport, is die idee van wen en verloor en in hoeverre dit ons uitkyk op ons doen en late beïnvloed.
Sportverering is ook nie vreemd in ons kerke nie - hoeveel keer word daar nie dadelik ná kerk die radio/tv/internet aangeskakel om die laaste sportuitslag in die rugby/Premier-Liga te verneem nie…? Self-ondersoek is nodig.
Op dieselfde wyse waarop 'n mens kerkverrigtinge en sportverrigtinge kan vergelyk, kan 'n mens die onderskeid, maar ook verontrustende ooreenkomste, sien tussen die Ou Testamentiese tempelprostitusie-probleem en die 21^{e} eeuse verbruikersmentaliteit wat ons kerke tans binnestroom. Inderdaad 'n groot vyand waarteen ons as Christene onsself moet bewapen en mekaar moet waarsku. 'n Verdere artikel handel oor 'n interessante evangelisasieprojek wat van stapel gestuur is in die kerk in Soshanguve. Sommige lesers het miskien al kennis geneem van die naam "Athletes in Action", wat 'n konneksie het met Campus Crusade ('n organisasie wat aktief besig is met evangelisasie by tersiêre instellings).

Aan die administratiewe kant: die redaksie wens graag vir br Hans Boon welkom – hy is vanaf die volgende uitgawe die eindredakteur.
Ek hoop dat hierdie blad baie geestelike pitkos gee en stof tot nadenke en bespreking. In hierdie opsig word u as leser aangemoedig om by die bespreking van aktuele onderwerpe van vandag nie stil te bly wanneer dit kom by evangelisasie-gesprekke binne die kerk en met ongelowiges wat ons daagliks teëkom nie. Ons het immers geen reg om skaam te wees om die Naam van ons (en ons gespreksgenote se) Almagtige Skepper uit te dra nie?

Arnoud van den Bout

OP JULLE MERKE ... !

In die tyd waarin ons leef, is daar baie aandag vir sport. Almal kom op een of ander manier daarmee in aanraking. As deelnemer, as toeskouer of andersins. Sport het in ons tyd `n grootheid geword waarmee rekening gehou moet word. Vanaf 11 Junie tot 11 Julie vanjaar gaan Suid-Afrikaners deeglik kennis maak met die grootheid van sport. Hierdie grootheid van sport lei natuurlik tot baie etiese vrae. Vrae soos: Hoe moet ons professionele sport beoordeel? Is die Wêreldbeker-sokker 2010 vriend of vyand van God se koninkryk? Wie hierop antwoorde het, moet dit asseblief sê! In hierdie artikel wil ons egter nadink oor sport as onderdeel van ons kultuurmandaat en dan spesifiek stilstaan by die konsep van kompetisie, om daarna enkele oorwegings te maak.

Paulus se beelde uit die sportwêreld

In die Nuwe Testament vind ons van die hand van Paulus, gelei deur die Heilige Gees, enkele gedeeltes wat na sport verwys (1 Kor 9:24-26; 2 Tim 2:5; 2 Tim 4:7; Hebr 12:1). Daardie gedeeltes is nie geskryf om `n argument vir sport te wees nie. Dit is geskryf om die gelowige voort te help op die pad van die geloof, met behulp van beelde ontleen uit die Griekse sportwêreld. Die groei, die volharding en die einddoel van die geloof is die swaartepunt van daardie gedeeltes.

Verder is dit ook geskryf om te wys hoedanig die apostel Paulus in Gods koninkryk gearbei het. Hierdie gedeeltes kan dus nie gebruik word as begronding vir sport nie.

> ...om sy kultuurtaak des te beter te kan verrig.

Onderdeel van ons kultuurmandaat

Soos in die inleiding gesê, kan sport en ontspanning beskou word as `n onderdeel van ons kultuurmandaat. Die mens, as beeld van God, is op aarde geplaas met `n spesifieke doel. Dit is om, langs die weg van diensbaarheid teenoor God en sy naaste, die liefde van Christus gestalte te gee in die opbou en instandhouding van die skepping en die bevordering van God se koninkryk op aarde. En waar pas sport en ontspanning nou hierin? Basies kan twee dinge genoem word. Die mens neem tyd vir ontspanning en sport ter bevordering van liggaamlike en geestelike gesondheid.

Met die doel om sy kultuurtaak des te beter te kan verrig. Ons mag ná elke dag se werk ook rus. Ná inspanning is daar ook tyd vir ontspanning. Die snaar wat styf gespan was, mag ook weer ontspan word. Die mens is nie 'n 24 uur-arbeider nie. Daar mag ook tyd gemaak word vir spel.

Maar dis nie al nie. Die Here gee, behalwe ons normale dagtaak, ook vir ons allerhande genietinge wat ons met vreugde mag gebruik. Dink byvoorbeeld aan die heerlike bord kos wat 'n mens mag geniet na 'n dag se inspannende arbeid. Dink ook aan die natuurlike behoefte van die mens om ná sy arbeid uit te rus en te slaap. Dink byvoorbeeld aan die feestelikheid waarin ons mag deel as iemand verjaar.

> ...die mens tyd mag neem om te rus en te ontspan ter wille van liggaamlike en geestelike gesondheid en te mag deel in die genietinge wat God skenk.

Opsommend kan ons dus sê dat die mens tyd mag neem om te rus en te ontspan ter wille van liggaamlike en geestelike gesondheid en te mag deel in die genietinge wat God skenk.

Wat is sport?
Kom ons probeer 'n definisie te gee: Sport is 'n liggaamlik geestelike spel wat deur tyd (die speeltyd) en ruimte (die sportveld) begrens word, 'n ordelike (reëls), maar feestelike (genot en opwinding) kompeterende gebeure van twee of meer deelnemers. Kompetisie is dan die meting van kragte, vermoëns, vaardighede, uithouvermoë en strategiese vaardighede. Beskrywende terme word hiervoor gebruik soos kragmeting, wedywering, wedstryd.

Die vervolg van die artikel beoog om aan te toon dat kompetisie 'n sinvolle middel is ter bevordering van die groter doel.

Is die opponent hindernis of helper?
'n Mens kan op twee maniere na jou opponent op die sportveld kyk: as hindernis of as helper.

As hindernis: Is hy iemand wat in my pad staan op pad na sukses, een wat uit die weg geruim moet word? Een wat my eer gaan steel en wat my wil benadeel? Een wat my verhoed om punte aan te teken? Een wat daarop uit is om my te oorrompel? Die einde van sulke denke kom kortliks daarop neer: wen die teenstander in plaas van wen die kompetisie. So 'n denke skep 'n vyandige antmosfeer en is nie bevorderlik vir die spel nie.

Of is die opponent 'n skepper van geleenthede? Kompetisie kan beskou word as die poging om in dieselfde vaardigheid beter as die opponent te wees.

Vir die ontwikkeling van hierdie vaardigheid is die opponent onontbeerlik.
Die opponente stimuleer mekaar om 'n vaardigheid of ander handeling beter te kan doen. Kompetisie is `n aktiwiteit saam met ander en nie soseer teen ander nie. Die ander gee my die geleentheid om `n bepaalde vaardigheid te beoefen en te ontwikkel. Ek is op my teenstander aangewese. Om dié rede moet my teenstander nie geëlimineer word nie, maar moet ek juis sy belange bevorder. As ek in `n wedloop of `n wedstryd net halfhartig deelneem, dan doen ek my opponent `n oneer aan. Ek bied nie vir hom `n geleentheid om sy vaardighede te toets en daarvan te geniet nie. Ek frustreer eerder my opponent.

Om 'n voorbeeld te noem: die goeie afslaan van my teenstander op die tennisbaan maak dit vir my moontlik om `n goeie terughou te speel.
'n Vaardigheid wat ek ingeoefen het. `n Swak afslaan frusteer en uiteindelik ly my eie vaardigheid daaronder.

Al is wen 'n belangrike komponent van kompetisie, is dit nie die swaartepunt nie. Eerder is passievole deelname, goeie spel en die kreatiwiteit van die deelnemers die swaartepunt van die spel.

Al is wen 'n belangrike komponent van kompetisie, is dit nie die swaartepunt nie. Eerder is passievolle deelname, goeie spel en die kreatiwiteit van die deelnemers die swaartepunt van die spel.

Wen en verloor
Prof Johan Heyns skryf in sy *Teologiese Etiek* die volgende oor wen en verloor:
Wie nie speel om te wen nie, speel met 'n verkeerde gesindheid. En met`n foutiewe opvatting van die spel. Wie nie wil wen nie, ontneem dus die spel sy spelkarakter. Dit beteken dat daar met erns gespeel moet word, en wie die spel nie ernstig neem nie, word 'n spelbreker. Maar dan moet dit steeds die erns van die spel wees en nie bv. die erns van arbeid nie. Terwyl die regte erns die spel tot spel maak, kan die verkeede erns die spel van sy karakter beroof. Tot die verkeerde erns behoort ook die ingesteldheid van nie gewillig wees om ook te verloor nie. Wie so speel, verongeluk ook die spel. Kompeteer om te wen in behendigheid, vaardigheid, kennis, krag en uithouvermoë is dus nie afkeuringswaardig nie, en is deel van die genot van die spel. Maar dan moet dit reg hanteer word. Om te wen geld alleen 'n bepaalde kompetisie. Dit is nie oordraagbaar na ander areas van die lewe nie. Wat wel oordraagbaar is, is die sukses van die enkeling op die groep. Van die groep kom die toejuiging, lof en aanmoediging en bystand, en daarom is die aansien van die wenner ook dié van

die groep. Hierdie stryd om te wen en die identifikasie met en van die groep is alles deel van die spelgenot. Maar dan is dit eweneens deel daarvan om te kan verloor en te weet hoe om te verloor. Wat jy verloor, is immers nie die spel nie, maar die kompetisie in die spel.

Wie meen dat hy die spel verloor het, terwyl hy maar net die kompetisie in die spel verloor het, het met `n verkeerde gesindheid gespeel. *Spel is die gebeure waarin die mens met genoeë teen homself en teen ander kragte meet en, ofskoon hy probeer om te wen, die spel geniet, ook al verloor hy die kompetisie.*

Wanneer sportbeoefening tot afbreek van liggaam en gees lei en nie tot die bevordering daarvan nie, het ons die doel gemis.

Belangrike oorwegings en vrae
Met al die voorafgaande in gedagte, moet ook nog die volgende gesê word:

- Sport is nie `n hoër of beter vorm van ontspanning as byvoorbeeld `n wandeling in die natuur nie. Slegs `n ander vorm van ontspanning. Slegs een waarin ander dimensies van ons mens-wees tot uiting kom.

- Net soos op ander terreine van die lewe, moet sportbeoefening gedra word deur liefde tot God en liefde tot die naaste. Wie dit kortkom op die sportveld, moet grondige selfondersoek doen. Ook op die sportveld wil die Satan alle "komposisies" dekomponeer. Daar word dus van diegene wat aan sport deelneem, ook verwag om `n soutende sout en `n ligtende lig te wees.

- Wanneer sportbeoefening tot afbreek van liggaam en gees lei en nie tot die bevordering daarvan nie, het ons die doel gemis. Die Engelse uitdrukking: "it`s defeating the object", geld hier. Want die sesde gebod geld ook vir ons sportbeoefening.

- Sport het ook ook nog ander positiewe bydraes: dit kan bydra tot die oefening in dissipline en verantwoordelikheidsbesef en tot oefening in inagmening van ander. Dit kan ook bydra tot die verryking van die menslike persoonlikheid.
En dan is daar ook nog `n belangrike vraag wat gevra moet word:
Is die tyd wat vandag aan sportbeoefening spandeer word, gebalanseerd, of verraai die tyd wat daaraan spandeer word, dalk iets van eiebelang ten koste van ander belangrike lewenstake?

Kompetisie is 'n aktiwiteit saam met ander, en nie soseer teen ander nie.

Afsluitend `n postiewe vraagstelling: Kan die deelname aan en aanskouing van sport ons nie ook help om die bedoeling van Paulus se sportbeelde beter te verstaan en ons eie te maak nie?
Dat ons in hierdie lewe sal deelneem volgens die reëls wat die Here gegee het, in die geloof mag volhard, sonder om terug te keer na ons ou mens, om hierna in die ewigheid `n onverwelklike krans te ontvang as genadebeloning!

Geraadpleegde bronne:

- Dr JA Heyns. 1986. ***Teologiese etiek, deel 2.1***, p 391-406.
- Prof BJ van der Walt et al. 1992. ***Venster op Sport – Christelike perspektiewe***.
- Prof BJ van der Walt. 2006. ***Sport onder die soeklig – `n Christelik-lewensbeskoulike filosofiese besinning***. In *KOERS – Bulletin vir Christelike wetenskap*, jaargang 71 no 2,3&4 .

Freek van der Meer *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

EREDIENS vs EREDIENS

Twee soorte eredienste – ligjare van mekaar verwyder, maar oënskynlik tog verstommend dieselfde! Kom ons volg hulle op die spoor…

Verstommend dieselfde…
As gelowiges gaan ons kerk toe om daar ons God te ontmoet en te aanbid. En ons doen dit saam met die kerk van Christus oor die hele wêreld.



Op verskillende plekke in ons land kom húlle ook bymekaar in húlle kerke – Loftus Versfeld in Pretoria, die Moses Mabhida-stadion in Durban, Soccer City-stadion in Johannesburg, en nog vele meer. Voorwaar 'n indrukwekkende 'kerkverband'!

Vir die ontmoeting met die Here berei ons onsself deeglik voor: ons trek netjies aan, soos wat dit gepas is wanneer ons die Here gaan ontmoet; almal se hare is netjies versorg; ons maak ook seker dat ons alles by ons het: Bybel en psalmboek, en geld vir die kollekte. Dan sorg ons dat ons betyds vertrek sodat ons nie by die kerk aankom nadat die erediens al begin het nie. *Ook húlle voorbereidings is noukeurig: daar word gepas aangetrek. As jy in die Bafana-gemeente is, dan is geel en groen jou kleur. Vir die Oranje-gemeente is die kleur… wel, oranje. Ook die hare en die res van die versierings moet pas by die kleredrag. Hulle maak vervolgens seker dat hulle alles by hulle het – geld vir die liefdesmaaltyd saam met hulle gode, asook daardie kosbare kaartjie, jou toegang tot die heilige, liturgiese ruimte. En onthou: kom asseblief betyds! Die toevloei is enorm, parkering kan 'n probleem wees. Jy is nie die enigste wat opgaan na gods altare nie…*

In die kerk vind daar heerlike gemeenskap plaas tussen God en sy volk. Die Here spreek, en ons antwoord. Die Here vertel ons van sy magtige dade tot ons verlossing, en ons prys Hom daarvoor. Die struktuur van die liturgie is een en al dialoog, gesprek, omgang. *Ook in húlle heilige ruimtes is daar dialoog, oorverdowende dialoog. Want die gode tree op, hulle bring hoop met 'n kragtige lopie langs die linkerkantlyn, en met 'n doel bring hulle verlossing uit alle angs en nood. Op daardie selfde oomblik bars die lofprysing los uit duisende begeesterde stemme. Dialoog. Dalk effens te charismaties vir ons, soos wat hulle hul arms in die lug gooi en 'halleluja' roep. Maar die toewyding is nogtans verstommend.*

In die kerk antwoord ons op verskillende maniere op God se Woord. Ons antwoord kom in die eerste plek tot uiting in ons gebede, daardie heilige handeling waarby ons ons harte voor God uitstort en sy hulp inroep. Dit kom ook tot uiting in ons sang, die wonder om 'n lied te kan aanhef in lof of klag of dank. En ten slotte antwoord ons ook nog deur middel van ons liefdegawes, die kollekte, waardeur ons aan God teruggee wat aan Hom behoort. *Ook húlle ken hierdie verskillende vorme om die gode te antwoord. Aanbidding van die gode staan by hulle sentraal. Die verwondering om die gode in lewende lywe te kan sien, laat hulle hul hande saamvou. Oop-oë aanbid hulle! En moenie vergeet van die sang nie, veral nie daardie eerste votumlied nie, die lied vir volk en vaderland. Fier en regop, vol trots word gesing. En ook gedurende die res van die erediens word verskeie liedere gesing – psalms, geïnspireer deur die gees van die gode. Nee, orrels pas nie in hulle kerkgeboue nie, maar a capella doen net so goed, indien nie beter nie. En verder gee hulle ook met graagte hulle liefdegawes; niks is te veel gevra om die kollektesakkie mee vol te maak nie. Hulle gee oorvloedig – volgens die sinodale webwerf (fifa.com) kan jy as Suid-Afrikaner R 3150 vir die openingserediens betaal. 'n Buitelander – met 'n attestaat – betaal effens meer.*

Om saam in die kerk te kom, is vir die gelowiges 'n saak van gemeenskaplikheid. In die erediens beoefen ons gemeenskap met God en met mekaar. Ons verbondenheid aan mekaar is 'n verbondenheid in Christus. Deur ons gemeenskaplike geloof in Hom word ons aan mekaar gebind. En, soos wat die nag-

maalsformulier ons oproep, hierdie gemeenskaplikheid kan ons nie slegs met woorde teenoor mekaar bewys nie, maar dit behoort ook met die daad sigbaar te word. *Die aanbidding van dieselfde gode bring ook by húlle 'n heilige verbintenis aan mekaar. Vreemdelinge word eensklaps vriende, onbekendes word bemindes deur hulle gemeenskaplike aanbidding van dié gode met die oranje hemde, of van dié met die rooi hemde, of die blou hemde of geel hemde of… Ja, die reënboog kom ook in hierdie godsdiens voor. Maar die skeiding met die valse kerk is nietemin duidelik en fel – dit is ons teen hulle, blou teen rooi, Engelse teen Nederlanders, Duitsers teen Argentyne. Daar is net een ware kerk! Daar is ook net een prys waarna almal jaag – wie sal dit kry?*

Die ooreenkomste is verstommend – in beide eredienste (want dit is wat dit is!) word daar gesing, word daar aanbid, word daar gawes gegee, vind daar ontmoeting plaas met die godheid en met mekaar. In beide eredienste is daar 'n duidelike liturgiese ruimte waarin die erediens-handelinge plaasvind. In beide eredienste word daar gepreek, word daar 'n boodskap uitgedra – in woord en daad.

Ligjare verwyder…

En as die erediens verby is?

Die Bybelse antwoord op hierdie vraag wys vir ons dat daar duidelike grense is aan die ooreenkomste wat hierbo geskets is. Die insette vir beide eredienste is, oppervlakkig gesien, dieselfde, maar die uitkomste verskil radikaal van mekaar.

Immers, die navolger van die sokker-god gaan huistoe – diep teleurgesteld wanneer sy span verloor het. Was hierdie erediens die moeite werd? Waarvoor het hy nou al hierdie geld opgeoffer? Wat is die sin van sy lewe? Dae en weke daarna voel hy nog die pyn van die nederlaag. Uiteraard is dit anders wanneer sy span gewen het. Dan is daar uitbundige blydskap, opgewondenheid en 'n paar weke se plesier en rede om te spog. Maar ook in die geval waar die oorwinning soet is, is die nasmaak deurgaans leeg en bitter. Want hierdie afgodedienaar bou sy vreugde op 'n tydelike en beperkte genot. Tydelik – want 'n paar maande later verloor sy span en is die glorie iets van vergange tye. Beperk – want wat beteken die oorwinning vir sy lewe van elke dag? Wat help dit hom in sy huwelik en gesin? Hoe troos dit hom wanneer hy geliefdes aan die dood afstaan?

Die 2010-erediens gee aan die lidmate van die fifa-kerk iets om na uit te sien, hulle sal 'n geweldige adrenalien-stoot ervaar, tydelik vergeet van alle moeites… Maar die einde daarvan is leegheid – leë stadions, leë harte.

Die gelowige daarenteen mag huistoe gaan met die seën en die vrede van die lewende God. Hy kon sy probleme neerlê voor die God van hemel en aarde, en in ruil daarvoor het hy van God die vrede ontvang wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:6-7); die vrede wat daar is in die verkondiging van Jesus Christus. Is dit hoe die aanbidders van die sokker-god dit ervaar? Nee, anders sou hulle saam met ons in die kerk gesit het. Gevolglik kan ons sê dat die Christelike geloof in talle opsigte 'n binnestebuite-geloof is – uiterlik gaan dit nie oor krag en mag en oorwinning nie, maar oor swakheid en nederigheid en vernedering. Maar agter hierdie uiterlike skuil daar 'n goddelike krag – die krag van Jesus Christus, wat Homself verneder het, maar wat daardeur die sonde, die ellende en die dood oorwin het, sodat elke gelowige 'n nuwe lewe mag ontvang. Dit is 'n oorwinning wat my help om vandag reeds as oorwinnaar te lewe. Hierdie oorwinning lei my in my huwelik en gesin, dit lei my in my daaglikse arbeid, dit lei my by die afsterwe van geliefdes. Maar dit is ook 'n oorwinning wat verder kyk as hierdie lewe. 'n Oorwinning wat perspektief gee op die ewigheid – nee, nie van 'n gerenoveerde Loftus nie, maar van die nuwe Jerusalem!

Teenoor die skyn van die sokker-afgodery (1 Kor 8:4-6) is daar die egtheid van die ware God (Jes 45:5). Teenoor die onrus (Job 14:1) is daar die vrede by die Here. Teenoor die leegheid is daar die vervulling met die Heilige Gees. Teenoor die beperkte waarde van die 2010-euforie is daar die ewigheidswaarde van 'n lewe in Christus.

'n Waarskuwing

Een ding kan ons egter by hierdie fanatici leer, en dit is die waarheid wat Jeremia duisende jare gelede alreeds verwoord het:

"Want gaan oor na die eilande van die Kittiërs, en kyk; en stuur na Kedar, en gee daar goed ag op; en kyk of so iets gebeur het: of 'n nasie sy gode verruil – wat nie eers gode is nie. Maar my volk het sy heerlikheid verruil vir wat geen voordeel bring nie" (Jer 2:10-11).

Geen getroue afgodedienaar (lees: fanatieke 21ste eeuse sokkerondersteuner) het al ooit sy lojaliteit teenoor sy god (lees: span) verander nie. Dit is ongehoord! Die Here moet egter in Jeremia 2 konstateer dat die ongehoorde wel by sy volk gevind word. Hulle het Hóm naamlik verlaat! Mense wat alle rede om hulle afgode vaarwel toe te roep – omdat dit geen voordeel bring nie – doen dit nie.

Maar die volk wat alle rede het om aan hulle God getrou te bly, het die dwaasheid om Hom te verlaat en sy heerlikheid te verruil. Laat dit vir ons as waarskuwing dien om die 2010-gees nie in te sluk nie. Laat ons geniet van hierdie gawe van sport, maar handhaaf die grense. Ook al sit jy tussen die skare op Loftus, hoef jy nog nie saam met hulle erediens te hou nie. Want ons eer en dien die HERE, Jahwe, Hy wat nie slegs die God van 2010 is nie, maar Hy wat is (hede) en wat was (verlede) en wat kom (toekoms)! Kom ons wees getrou aan Hom in 'n jaar waarin die afgodery ons land se 'heiligdomme' gaan oorneem.

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria Maranata.*

KERKNUUS

Kerknuus

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

Verlede maand het ek iets vertel oor die gesprek wat gaande is oor wanneer 'n lidmaat die kerk mag verlaat waar hy hom/haarself nie meer tuisvoel nie. Ook emeritus-predikant MJ Arntzen stel die vraag wat verontrustes moet doen as hulle ernstige dwaalleer in hul gemeente opmerk. Die antwoord daarop is dat as iemand weggaan, die risiko groot is dat daar weer 'n splintergemeente ontstaan, wat haarself dan weer ware kerk sal noem en op soek sal gaan na ander splintergemeentes wat dieselfde dink. In art. 28 van die NGB staan dat ons ons moet afskei van die valse kerk. Maar art. 28 dra in 'n sekere mate ook 'n 17e eeuse kleur. Toe was dit makliker as vandag om tussen die (valse) Roomse kerk en die (ware) Gereformeerde kerk te onderskei. Maar, vra Arntzen, wie durf sê waar in Nederland vandag die ware kerk is? Die GKv, of die CGK? Of misskien die Hersteld Hervormde kerk? Arntzen adviseer dat verontrustes in die GKv openlik moet betuig dat hulle hul nie mag bind aan Sinodebesluite waarin die nuwe (kontekstuele) Bybeluitleg van dosente in Kampen goedgekeur word nie. Miskien word 'n mens dan nie meer as ampsdraer gekies nie, of miskien selfs geskors, maar hierdie leed sal 'n mens dan maar moet dra.

En as die prediking en die pastoraat te veel verwater, dan moet 'n mens aansluit by 'n gemeente waar die Woord nog suiwer verkondig word. Dit geld nie slegs vir vrygemaakte kerke nie, maar byvoorbeeld ook vir Hersteld Hervormde kerke. Intussen het die groep vrygemaaktes o.l.v. ds E Heres, wat hulself in Dalfsen afgeskei het van die GKv, besluit om verder te gaan onder die naam Gereformeerde Kerk Dalfsen (dolerend). Intussen is daar twee ouderlinge bevestig, waardeur die kerkraad haar werk kan voortsit. Die gemeente, ongeveer 120 lidmate, vergader saam in die Emma-gebou.

Dan is daar ook verskillende klein gemeentes in die platteland wat op die punt staan om te ontbind. Maar dan vanweë ander redes. Die gemeente van Damwoude was genoodsaak om vanweë 'n tekort aan ouderlinge haar deure te sluit. Die 90 lidmate sluit nou aan by die naburige Noardburgum. Ander gemeentes weer, soos die gemeente in Huizen, probeer hul bes om te oorleef deur openlik die verkleining van die gemeente te bespreek en radikaal aan te pak. Die gemeente het die afgelope jare gekrimp van 400 na 165. Verskillende planne is gemaak, waarvan seker die grootste is dat die kerkgebou heeltemaal herbou en modern ingerig is. Die kerkgebou word binnekort op 'n feestelike manier (her)ingebruik geneem.

Ondanks hierdie verskynsel is dit wel opvallend dat die aantal lidmate van die GKv op dieselfde vlak is as

12 jaar gelede. Die nuwe Handboek van die GKv gee aan dat daar 124 260 belydende- en dooplidmate is. Die rede vir die herstel in aantal lidmate is nie heeltemaal duidelik nie.

Intussen gaan ook die werksaamhede om die huidige Kerkorde te hersien, verder. Die eerste proefuitgawe word intussen orals in gemeentes bespreek. Tog word daar ook vraagtekens geplaas agter sommige aanpassings. So is prof dr Herman Selderhuis, Christelik-Gereformeerde kerkreg-deskundige, van mening dat daar, ondanks alle goeie veranderings, ook 'n groot mate van vryblywendheid in die artikels voorkom. Soms lyk die teks meer na 'n "mission statement" as na 'n orde vir die kerklike lewe. Volgens hom moet 'n kerkorde voorskrywend, duidelik en konkreet wees. Die aandag vir migrante-Christene en die sg. missionêre roeping van die kerke hoef volgens hom nie in 'n kerkorde opgeneem te word nie. Ook die artikel dat die gesag van die kerkorde self binne die kerke gereël moet word, roep by hom vrae op. Die vraag of 'n mens aan die kerkorde gebonde is, mag volgens hom nie ter bespreking staan nie. Ook het Selderhuis sorge oor die voorwaardes waarop 'n predikant op non-aktief gestel kan word. 'n Kerkraad mag dit byvoorbeeld ook doen as dit "dringend noodsaaklik" is. Die vraag is dan of 'n predikant die ruimte het om homself dan nog te kan verweer. En val onbehoorlike gedrag en versteurde verhoudings ook onder "dringend noodsaaklik"?

Ook by die enorme klem op die bevoegdhede van "plaaslike gemeente" is daar vraagtekens. Verder ontbreek bepaalde bekende begrippe in die hersiene kerkorde. Bv. dat pasgebore kinders so gou moontlik gedoop moet word. Ook kry die Woordverkondiging 'n minder prominente plek. Selderhuis vra of dit miskien te make het met 'n ander visie op die kerkdiens, of op die Woordverkondiging. 'n Artikel oor katkisasie of gereformeerde onderwys ontbreek ook, en dit is volgens Selderhuis 'n leemte. Verder is die hersiene kerkorde nie meer ingedeel in artikels nie, maar in letters (A – H). Daarmee word die bekende art. 31 KO vervang met 'n gewysigde artikel F2.1. Ander opvallende artikels is dat, in 'n missionêre situasie, ook gewone gemeentelede die evangelie mag verkondig. Afwyking van die leer kan onder bepaalde voorwaardes verdra word (bv. as die betrokke lidmaat dit nie aktief propageer nie). Ook word die partikulêre Sinodes opgehef en vergader die nasionale Sinode voortaan elke tweede jaar. Daardeur styg die aantal afgevaardigdes op die nasionale Sinode van 36 na 60.

Of die hersiene kerkorde in sy geheel deur die komende Sinode in 2011 aanvaar gaan word, sal ons maar sien. Ons vra dus vir voorbede in SA vir die kerke in Nederland, sodat wyse, Bybelse vertrekpunte die basis sal vorm vir die nuwe (hersiene) kerkorde.

Australië - *korrespondent : Br Herbie Begemann*

"The Voice of the Church" is 'n program wat om 08:00 op Sondagoggende deur ons kerke hier op plaaslike radio uitgesaai word. 'n Skrifoordenking met bespreking word deur 'n kerklidmaat gehou, waarna lede van die jeug die verantwoordelikheid neem om die program met Christelike musiek af te sluit. Die program word onder verantwoordelikheid van die Armadale-gemeente uitgesaai. Om 20:00 word nog 'n program van die kerk uitgesaai, nl "Evensong". In die program word Christelike musiek gespeel. Besoek gerus http://heritagefm.net/ om die programme "live" saam te luister (WA tyd is 6 ure voor ons).

Gedurende Januarie 2010 het die Byford-gemeente hul 25ste bestaansjaar gevier. Dit lyk asof elke Sondag, week in en week uit, maandeliks en jaarliks, so doodnormaal sy gang gaan. Maar dit is nie doodnormaal nie. Dit is 'n wonder dat die Here sy sondige volk, nie net in jare nie, maar in ewigheid bewaar. Hy hou sy ryke beloftes in stand en ons mag Hom dan ook in alle vertroue volg.

Gedurende die verrigtinge was die fokus dan ook op Christus wat Koning van sy Kerk is. Groot was die opgewondenheid onder veral die lidmate wat 25 jaar gelede saam aan die bou van die kerkgebou deelneem het. "Sterk" verhale en kosbare herinnerings is met mekaar gedeel. Die kinders, jeug en volwassenes het pret en plesier op die speelveld gehad met waterkaskenades en ander aktiwiteite en 'n tipiese Australiese "bbq" met (nie boere-)wors en hamburgers was te ete.

Nuus van ARPA (Association for Reformed Political Action) is dat hulle (as vereniging) tans gesprekke met die plaaslike regering, wat Sondagshandel wil aanmoedig, voer. Verder word petisies onderteken in weerstand teen 'n minderheidsparty wat genadedood binne ons staat, Wes-Australië, wil propageer. Daardie selfde minderheidsparty probeer ook die "Onse Vader" blok wat aan die begin van elke parlementsitting gelees word en vervang met 'n minuut stilte om alle verskillende denominasies en kulture te akkommodeer.

Kanada - *korrespondent : Prof Arjan de Visser*

Phineas aan die woord tydens preekklas

Phineas in Hamilton

Phineas Kgatle, 'n teologiese student van die Vrye Gereformeerde Kerke, studeer tans vir 'n semester by die Teologiese Skool van die Canadian Reformed Churches in Hamilton, Kanada. Die doel van Phineas se verblyf in Hamilton is om aanvullende studies te doen in areas soos Simboliek (studie van belydenisskrifte), Homiletiek (preekkunde) en Hermeneutiek (reëls vir uitleg van die Skrif).

Phineas volg lesings saam met studente van Kanada (die meerderheid), Australië, Korea en Singapoer. Hy skakel baie goed in, sowel wat die akademiese werk betref asook die sosiale kontak met ander studente.

Uit die aard van die saak was dit ietwat van 'n kultuurskok om einde Desember in Kanada aan te kom, met volop sneeu en maksimum temperature van 0 grade Celsius! Aan die ander kant bied dit ook nuwe geleenthede, soos om te leer ysskaats en saam met ander studente yshokkie te speel.

Phineas hoop om in Mei sy studies in Hamilton af te sluit en na Suid-Afrika terug te keer.

GOD VOLKOME SIEN in die TOEKOMS

Venster op die Bybel

In vandag se tyd is omgang met God ook moontlik. Hy wat homself aan Jesus Christus toevertrou, kom met God Self in aanraking. Danksy die Seun sien ons baie meer van God se heerlikheid as die gelowiges in die Ou Verbond. Tog is alle kontak met die majesteit, die heerlikheid van God nog nie oogkontak nie. Dit is soms asof ons God nie sien nie. Maar in die toekoms gaan dit vir altyd verander!

Ons kennis is gebrekkig

Hy wat Jesus gesien het, het die Vader gesien (Joh 14:9). Die Seun verklaar die Vader aan ons (Joh 1:18). Hierdeur is ons seker van dit wat ons van God weet. Die sekerheid kom byvoorbeeld na vore in Romeine 8:28 en die volgende verse.

Ons kan egter ook ons kennis van God oorskat. Dit het in Korinte gebeur (vgl. 1 Kor 8:1 vv). Dit was juis die rede waarom die apostel Paulus die opmerking maak dat ons kennis onvolkome is (1 Kor 13:9). Ter vergelyking wys hy op die kindertyd. Toe hy 'n kind was, het hy gepraat, gevoel en geredeneer soos 'n kind. Noudat hy 'n man is, het hy die dinge van 'n kind afgelê (1 Kor 13:11). 'n Volwassene kan met 'n glimlag terugkyk na sy jeug. Hy het goeie herinnerings daaraan, maar hy sien ook die onvolkomenheid daarvan raak. So sal ons op die nuwe aarde insien hoe gebrekkig ons kennis van God was wat ons op die ou aarde gehad het.

"Self-portret in 'n spieël" Parmigianino c. 1524

Wat is hierdie "gebrekkige" waarvan gepraat word? Dat ons deur 'n spieël in 'n raaisel kyk (13:12). Die spieëls wat in die ou tyd gebruik is, was nie soos ons s'n nie. Hulle was van koper of brons gemaak, nie heeltemal glad nie en daar was merke op. In so 'n spieël kon 'n mens jou eie gesig redelik goed sien. Maar daar kon ook dinge onduidelik wees. So kon 'n mens daaraan getwyfel het of daar dalk 'n litteken op een wang was of nie. Deur in so 'n spieël te kyk, was nie dieselfde as die direkte sig op iemand nie. Vandag het ons dus ook nog nie so 'n direkte sig op God nie.

God sien soos Hy is

Vanaf die wederkoms sal ons God sien soos Hy is (1 Joh 3:2). Vandag is ons reeds God se kinders en ken ons Hom ook sodanig. Hieruit blyk reeds die Vader se groot liefde vir ons (3:1). Maar die liefde sal al hoe meer sigbaar word. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie (3:2). Dit sal egter definitief onthul word. Ons sal God sien soos wat Hy is. Wat wil dit sê? Nie dat ons by wyse van spreke dwarsdeur God sal kyk en alles van Hom sal weet nie. Op die nuwe aarde is Hy nog steeds God en ons is nog steeds skepsels. Ons vereer Hom dan ook nog as God (Openb 7:15; 22:3). Dit is voor-die-hand-liggend om te dink aan dit wat Paulus in 1 Korinthiers 13:12 geskryf het: '*eendag van aangesig tot aangesig*'. Die onderwysing van Paulus was verseker bekend vir die gemeente aan wie Johannes geskryf het.

Kan ons en God mekaar 'in die oë kyk'?

Van aangesig tot aangesig, of, soos ons sal sê: mekaar in die oë kyk. Wanneer ons mekaar in die oë kyk, dan is daar oop kontak. Ons kan niks vir die ander een wegsteek nie. As ons dit wel doen, draai ons ons gesig weg of slaan ons ons oë neer. Dit beteken nie noodwendig dat ons alles omtrent onsself hoef te openbaar nie. Maar ons is wel eerlik, en as ons nie 'n antwoord op iets het nie, sê ons dit eerlik. Ons is ook eerlik oor ons gevoelens wat ons oor ons naaste het.

Nou staan ons op 'n dag oog in oog met God. Dit wil nie dadelik sê dat ons Hom sien soos wat ons 'n mens sien nie. God kan wel in 'n mens se gedaante verskyn, maar Hy *is* nie mens nie. Sy Seun is wel mens en ons sal Hom ook so sien (vgl. 2 Kor 5:6 vv). Maar God die Vader het nie mens geword nie.

Die uitdrukking 'van aangesig tot aangesig' maak duidelik dat dit nie gaan oor hoe ons God waarneem nie. Dit is die onderlinge *verhouding* tussen God en ons wat aan die orde is. Die verhouding is vanaf die wederkoms volkome suiwer. Sondige vooroordele teen die Here God speel vanaf daardie oomblik geen rol meer by ons nie. Sodoende ken ons Hom soos onsself geken word (1 Kor 13:12). God se kennis van ons was nog altyd suiwer. Hy het nooit vooroordele teen ons gehad nie. Hy het daarom ook nie 'n verwronge beeld van ons gehad nie.

Wanneer Jesus terugkom, sal ons vooroordele teen God verdwyn. Ons kyk dan, by wyse van spreke, nie meer na die Here God met 'n terughoudende blik nie. Ons kyk openlik na Hom, met die gevolg dat ons kennis van Hom suiwer is. God is dan nie meer *hoofsaaklik* barmhartig, of *veral* regverdig, in ons oë nie. En Hy stel ons nie meer teleur nie. Ons ervaar ook nie meer innerlike teenstrydighede by Hom nie. Al sy eienskappe vorm vir ons 'n duidelike geheel. Die almagtige God gebruik die menslike uitdrukking '*van aangesig tot aangesig*' om dit vir *ons* duidelik te maak.

Om God te sien soos wat Hy is: dit is dus nie 'n wonder dat die apostel Johannes dit as 'n klimaks beskryf nie. Hoe mooi sal dit wees as ons verhouding tot die God van Wie ons nou reeds so baie hou, van al ons vooroordele bevry sal wees!

Aan Hom gelyk?

Ons sal God sien soos Hy is. En dan? Word ons aan God gelyk? Ons kan daardie indruk kry as ons 1 Johannes 3:2 in sy geheel lees. Maar ons word tog nie soos God nie? Daar word wel gesê dat dit hier oor die Here Jesus gaan: ons word wel aan Jesus gelyk. Maar in daardie sinsverband is dit nie voor-die-hand-liggend nie. Bowendien word ons ook nie heeltemal aan Jesus Christus gelyk nie. Hy bly Here.

Die oplossing vir hierdie probleem is myns insiens dat ons 'n ander vertaling moet kies. Ons moenie lees dat ons aan God gelyk word nie, maar dat ons soos Hy sal lyk. Hiervan mag ons seker wees. God het die mens geskape na sy beeld, na sy gelykenis (Gen 1:26). Na die sondeval vergeet Hy dit nie (Gen 9:6; Jak 3:9).
Tog het die mens van God vervreemd geraak. Hy lyk nie meer soos sy Maker nie (vgl. Ef 4:18). Gelukkig verander Christus dit. Daar kom weer mense wat soos hul Skepper lyk (Ef 4:24; Kol 3:10). Dit is dan seker ook vanselfsprekend dat hierdie herstel by die wederkoms volledig sal wees!

Hoekom sê Johannes dat ons weer soos God sal lyk? Dit is sy gevolgtrekking nadat hy alles geskryf het. 'n Gevolgtrekking wat voortkom uit die verwagting

dat hy en hulle aan wie hy skryf, God sal sien soos wat Hy is. God se aangesig openlik sien en Hom dus dien soos Hy is. Dit is slegs moontlik as ons nie meer teenoor Hom skuldig hoef te voel nie. Dit is slegs moontlik wanneer ons weer soos Hy begin lyk, soos in die goeie begin. Sonder heiliging kan niemand die Here sien nie (Hebr 12:14). Jesus het al gesê dat die reines van hart God sal sien (Matt 5:8).
As ons dan op die jongste dag die Here God sal sien soos wat Hy is, moet ons die gevolgtrekking maak dat ons weer op dieselfde manier soos God sal lyk soos toe Hy die eerste mense gemaak het. Om soos God te lyk, is nie die gevolg daarvan dat ons God sien nie, maar die voorwaarde daarvoor. In hierdie verband moet dit wel opval dat Paulus in 1 Korinthiërs 13 die liefde teken as die weg na daardie punt waarop ons God van aangesig tot aangesig sal sien. Hierdie pad voer inderdaad ver boontoe (1 Kor 12:31)!

Gevolgtrekking
Uit die Skrifgedeeltes wat behandel is, blyk dat by die "sien van God" nie in die eerste plek die *waarneming* van God aan die orde is nie. Dit gaan oor die onderlinge *verhouding* tussen God en ons. Kan ons en God mekaar 'in die oë kyk'? Vanaf die sondeval kan God ons nog steeds in die oë kyk. Hy kan van niks beskuldig word nie. Maar, ons kan dit nie bekostig om God in die oë te kyk nie. Sy toornige blik sou 'n vernietigende blik word. Tog is kontak met die Here God wel moontlik.

Maar vandag het daardie kontak baie verbeter. Danksy Jesus Christus kan, deur die verkondiging van die evangelie, God se heerlikheid vrylik skitter en sy barmhartigheid beter openbaar word as ooit tevore. Desondanks is die kontak nog steeds beperk. Dit is as gevolg van ons sonde en ons sondige natuur. Die gesekulariseerde wêreld waarin ons lewe versterk dan ook nog die sonde.
Tog sal al ons vooroordele eendag verdwyn en dan staan ons oog in oog met God!

Met toestemming oorgeneem uit De Reformatie*.*
TS Huttenga is studente-predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) in Groningen. Vertaal deur Jennie van der Linden.

STERFDAG van CHRISTUS en OPSTANDING

Venster op die Bybel

Christus se sterwe
As Christene bely ons elke Sondag: Ek glo in Jesus Christus wat gely het onder Pontius Pilatus. Wat is die betekenis van hierdie uitspraak ?
Die woorde van Pilatus " Daar is die mens" het Pilatus as regter van hierdie wêreld teenoor die kerk van die Ou Testament uitgespreek. Hy wou medelye by die Jode opwek: Kyk na Jesus, armsalige mens, iemand wat homself koning noem: 'n doringkroon op sy kop en verneder met 'n koningskleed vol bloed. Hoe kan julle hom beskuldig as 'n groot kwaaddoener? Hy het geen mag nie.

Pilatus het die volle betekenis van sy woorde nie besef nie. Christus daarenteen het as Koning van die hemelse ryk en as Seun van God wel deeglik die volle inhoud van hierdie woorde begryp. Hy, die mens wat geen onreg gedoen het nie, word hier as mens wat die volle mensdom verteenwoordig, bespot en sy Koningskap verneder. Hy, die God wat deur God die Vader na hierdie wêreld gestuur is, word misken. Daar word gepoog om sy Messiaanse verlossingswerk tot niet te maak!

God sy dank dat Pilatus en die Jode nie daarin geslaag het nie. "Daar is die mens" het vir ons as Christene op Goeie Vrydag pragtige betekenis:

- As méns het Christus gely en is veroordeel deur 'n wêreldlike regter om ons te bevry van die regverdige oordeel van God.
- As Gód kon Christus die lyding van die wêreldlike en kerklike ampsdraers dra.
- Meer nog, Hy het die toorn en ewige straf van sy en ons Vader ten volle ondergaan. "Daar is die mens" was in staat om vir alle mense weer verlossing te bewerkstellig.

As Pilatus sê: "Kyk, daar is die mens", neem hy onbewus die woor-de van God die Vader in die mond wat sê: "Hier is my seun, dié mens wat ek uit genade aan julle gee. Nou kan julle weer mens wees, soos Ek dit met my skepping oorspronlik bedoel het!"

Christus se opstanding
Christus het deur sy opstanding die dood oorwin! Op grond hiervan sal ons as Christene ook

eendag ten volle as mense op hierdie aarde mag regeer. Dit is die belofte van Hebreërs 2 wat gerealiseer het: deur sy lyding is Hy met heerlikheid en eer bekroon. Psalm 8 kom dan hier in die visier. Dit is die groot betekenis van Psalm 8 vir ons as Christene in die 21 ste eeu. Ons mag Psalm 8 in volle vervulling sien gaan op grond van Christus se opstanding.

Die wonders van God se majesteit en heerlikheid in die natuur word in Ps 8 besing, die werk van God se vingers: die maan en die sterre, alles! Oor dit alles mag die mens regeer: "U laat hom heers oor die werke van u hande. U het alles onder sy voete gestel." Is dit waar? Ons sien dit tog nie in hierdie bedeling nie. Ons het nog soveel gebrokenheid op aarde.

Christus het egter werklik opgestaan! Deur die krag van sy opstanding word ons tot 'n nuwe lewe opgewek! Hierdie lewe wat ons weer ten volle mens sal maak, het reeds begin deur Christus se opstanding. Ons sien miskien nie veel daarvan met ons sondige oë nie. Ons geloofsoë en visie sien egter dat God se heilsplan besig is om te ontplooi. Hy versamel baie van sy kinders oor die hele wêreld. Hy gee bekering sodat ons as ware Christenmense mag heers oor die werke van sy hande in ons omgang met die natuur. Ons mag diensbaar wees aan Christus as opgestane Koning van die groot heelal. Hemel en aarde word een !

Prof Hans Boon *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

SEKS in die KERK

Elders gelees

Die volgende opmerklike artikel het op 16 Januarie 2010 in *By*, bylae by die *Beeld*, verskyn; dit is geskryf deur dr Johan van den Heever, 'n NG-predikant. Die artikel is te lank om in sy geheel te plaas, maar ek haal graag enkele gedeeltes daaruit aan:

Tempelprostitusie (om seksueel te verkeer met iemand anders as jou maat vir 'n geestelike motief) was in Ou Israel se geskiedenis iets waarteen mense gereeld gewaarsku is. Van Levitikus tot met die profete is die volk dikwels vermaan om van dié praktyk weg te bly. Dit was skandelik om seksualiteit in die tempel te beoefen in die naam van godsdiensbeoefening. In dié seksuele verkeer het dit nie oor die god gegaan nie. Ten diepste het dit gegaan oor die vrou wat aanbid word as die godin van vrugbaarheid. Vandag sou dit ondenkbaar wees dat so iets in ons kerklike kultuur gebeur. Vrugbaarheidsrituele is ook nie meer deel van ons Westerse denkwêreld nie.

Die vraag is egter: Hoe naby het ons weer aan die beginsel van oppervlakkige seksualiteit in ons aanbidding gekom? Is die moderne idioom vir tempelprostitusie nie dalk 'n baie mooier en vromer geestelike erotiek nie?
Wat word bedoel met geestelike erotiek? Let op hoeveel van die liedere wat vandag in kerke gesing word, bevat die woorde "ek", "me" en "I". Ons het verlief geraak – nie op die God van die liefde nie, maar op die lekker gevoel wat dit bring om oor die liefde van God te sing. Ons lofprysing en aanbidding is indirek op onsself gerig. Hierdie emosionele belewenis, wat ons graag as die teenwoordigheid van die Heilige Gees wil interpreteer, is niks anders as geestelike erotiek nie. Lidmate van gemeentes waar "praise and worship" hoog op die agenda is, verklaar graag dat hulle die eredienste geniet. Dit is na my mening juis die erotiese sing oor die liefde wat geniet word. Die idioom is dikwels die liefdesliedere van die wêreld, wat niks anders as oppervlakkige verliefdheid is nie. Dié verliefdheid word op God geprojekteer as ware liefde, of dan ware geloof.

Hier kom die verbruikersmentaliteit op sy sterkste na vore, want musiek, wat die draer van die emosie of dan die erotiek is, moet deurgaans vernuwe en verander. Daar moet deurentyd na 'n nuwe lied gesoek word. Dit bly dus 'n konstante soeke na 'n erotiese ervaring wat beleef word as egte godsdiens. God is ongelukkig nie die fokus nie, maar die orkes of die deelnemers. In hierdie romantiek binne die kerke word Jesus my "vriend" (boyfriend). Behoort ware aanbidding nie in totaliteit op God gefokus te wees nie?

geestelike erotiek…
aanbiddingspornografie…

Dit bly vir my een van die mooiste eienskappe van die liturgie in die Christelik Ortodokse tradisie,

naamlik die skoonheid en eenvoud van die aanbidding. Deelnemers aan so 'n liturgie verheerlik en aanbid God net met stemme en met musiek wat eeue oud is. Die musiek se doel is inderdaad om intimiteit met God te bewerk, maar dié musiek en aanbidding bring die deelnemer in verwondering oor God. Die fokus is op God wat met ons besig is, en nie op my wat met Hom besig is nie. Die doel van die musiek is God en 'n belewenis van God. In hierdie aanbidding word die aanbidder broos omdat daar in die teenwoordigheid van God inbeweeg word. Dit is nie 'n "goedvoel"-emosie nie, maar een van respek en nederige naderkom. Hierdie aanbidding bring verandering in die aanbidder mee. God bly God, maar die aanbidder word al hoe meer verander om goddelik te leef.

John Michalak … meen dat wanneer hierdie eienskappe, onder meer die totale fokus op God, nie in die lofprysing en aanbidding teenwoordig is nie, dit niks anders as aanbiddingspornografie is nie. Dit is geweldige sterk woorde wat ons al hoe nader aan die beginsels van tempelprostitusie bring. Aanbiddingspornografie is, soos pornografie, 'n kopie van die oorspronklike, maar met geen verbintenis aan die ander nie, in dié geval die Heilige Self. Daar gebeur geen hartsverandering by die aanbidder nie. Die doel met dié aanbidding/pornografie is om 'n erotiese, intense emosie te beleef, sonder 'n langtermynverbintenis, terwyl die fokus op die eie begeertes is. Die aanbidder verander nooit, kom nooit regtig in beweging om in die wêreld die liefde te gaan leef nie. Die vroeë kerk het gesê: "Soos jy aanbid, so leef jy." Dié aanbidders gaan leef maar weer elke dag selfgerig, met min verandering in hul gemeenskappe.

Dit moes egter die een of ander tyd gebeur. Die kerk het al hoe meer die wêreld se simbole probeer kopieer, wat musiek insluit en ook hoe die wêreld oor liefde en seksualiteit dink. Terwyl die kerk 'n kontra-kultuur moes skep, het hy al hoe meer die wêreld se simbole geïnkorporeer, die verbruikersmentaliteit omarm en ingesuig geraak by die manier waarop daar oor seks gedink word, die absolute reg op bevrediging van die eie seksuele behoeftes. Daar was in die kerk van Handelinge, in die Nuwe Testamentiese tyd en in die eerste drie eeue van die kerk se geskiedenis beslis ruimte vir aanbidding wat gevul was met woorde van liefde en emosie. Dink maar aan die manier hoe die vroeë kerk die Bybelse boek Hooglied geïnterpreteer het; die verhouding wat Jesus met sy kerk gehad het. Die verskil was egter die diep intieme, ewige verbintenis, met die fokus op die Bruidegom.



Daar is nog 'n saak wat bykom in die versterking van die erotiek en aanbiddingspornografie: Die beginsel wat vandag al hoe meer aan ons verkoop word dat die kerk 'n onderneming is. Geestelike leiers maak plek vir bestuurders. Drome wat van God afgebid word, maak plek vir strategiese sessies, beplanningsiklusse en duidelik geformuleerde doelwitte. Die gedagte dat die kerk liggaam van Christus is, vervaag onbewustelik al hoe meer en die kerk as onderneming tree sterker op die voorgrond. Soos David Ryser vra: Wanneer 'n liggaam 'n onderneming word, is dit nie prostitusie nie?

Wanneer 'n liggaam 'n onderneming word, is dit nie prostitusie nie?

Is die kerk 'n prostituut of die geliefde van die Here? Wat is die verskil? Iemand wat waarlik lief het, doen dit onvoorwaardelik. Daar is geen teenprestasie wat verwag word nie. Daar is trou en lojaliteit en die fokus bly die Beminde. 'n Prostituut bly getrou solank die betaling geskied. Ryser vra verder: Wat sal gebeur wanneer God ons ophou betaal? Wat sal gebeur as daar geen "belonings" meer van God se kant af kom nie? Die kans is baie goed dat die meeste van ons Hom sal verlaat. Ons aanbidding, "praise and worship" verraai ons gesindheid: Ons doen dit om iets terug te kry, al is dit net die genot van die geestelike erotiek of die selfbevrediging deur aanbiddingspornografie.

Hierdie vervaging en vermenging van die geestelike en die erotiese kom die beste in Christelike tydskrifte na vore. Veral die tydskrifte wat op die vrouemark gerig is, maar ook dié vir die mans, beeld die vroue onbeskaamd as misterieus en seksueel uit. Terwyl dit wat in die kerk of op geestelike gebied gebeur, beslis nie wêreldvreemd hoef te wees nie, is daar nou bitter min verskil tussen die wêreld en die kerk. Waarom word gospelsangers duisende rande vir optredes betaal en het baie van hulle bykans kultusstatus? Omdat dit hul werk is! Waarom is ons bereid om vir al hierdie mense te

betaal, as dit nie oor ons eie behoeftes gaan nie? "Praise and worship" -musiek het oor jare heen 'n soort transformasie ondergaan waar dit nou so "oop" geskryf word dat dit in die kerk gesing kan word óf by 'n Skouspel. Ons is reeds bekend met die Kersmusiek wat in inkopiesentrums gespeel word.

Gaan dit egter nog regtig oor aanbidding, "praise and worship", as hierdie liedere nou ook populêre musiek word, of is die grens tussen kerk en kultus besig om te vervaag? Ons "geestelike" behoeftes word deur geestelike erotiek en aanbiddingspornografie bevredig, binne-in die kerk, soms buite die kerk, en ons kan dit toedraai in die dekmantel van godsdiensbeoefening of geestelike vroomheid.
Of daar egter ooit enige verandering by ons plaasvind, verandering wat deursyfer tot in die gemeenskap, is te bevraagteken. Hoe ver is ons van tempelprostitusie?

Maar is daar vir gevoel dan geen plek in die Bybel en in die lewe van die geloof nie? Inteendeel, ons vind in die Bybel tallose voorbeelde van gevoelens: die jaloesie van Kain teenoor Abel, die woede van Simson nadat hy bedrieg is, die liefde tussen Isak en Rebekka, die blydskap van Hanna by die geboorte van Samuel, die worsteling van die Here Jesus in Getsemane… Hoe pragtig word hierdie gevoelens nie in die Psalms verwoord nie!
Maar wat die Bybel ons leer, is dat al hierdie gevoelens nie per definisie goed en reg is nie. Die gevoel is nie outomaties 'n goeie raadgewer nie. Jou gevoelens moet in verhouding tot God gebring word. Jou gevoelens moet deur jou omgang met God getoets en gestruktureer word. Nie al my gevoelens is goed in God se oë nie, en daarom moet ek in my omgang met Hom leer hoe om met my gevoelens om te gaan. In hierdie leerproses is die Skrif en die gepaardgaande gebed belangrike leermeesters. In die Skrif is God immers aan die woord, en heilig Hy my lewe, ook my emosionele lewe. En in die gebed kry ek geleentheid om my geheiligde gevoelens te beoefen in 'n persoonlike gesprek met God. Dít lei tot egte en gesonde geloofsbelewing; só groei daar in my 'n deurleefde geloof.

Ook in ons eredienste is dit van die grootste belang dat ons ons gevoelens en die manier waarop ons aan ons gevoelens uiting gee (veral in sang en gebed), in verhouding sal plaas tot God, aangesien dit die toets van daardie verhouding moet kan deurstaan. Bogenoemde artikel is daarom 'n waarskuwing, ook vir die Vrye Gereformeerde Kerke, dat ons nie sekulêr in ons aanbidding sal word nie, maar heilig.
Want God is heilig!

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

ATHLETES in ACTION: Road 2 Africa

Sending & Evangelisasie

Die *countdown* het begin. Sokkergeesdriftiges tel af. Op www.FIFA.com. Elke Maandag op SABC 1 se *Coca Cola Soccerzone*. Hoeveel dae, ure, minute, sekondes nog tot die openingswedstryd op 11 Junie 2010 om 16:00 in *Johannesburg Soccer City* tussen Bafana Bafana en Mexiko?
Ek wil u nooi om saam met my af te tel. Kom stap saam op pad na 'n sokker–evangelisasie–projek wat ons in 2010 in Soshanguve beplan.

1 Oktober 2009: 251 dae oor
Tydens ons verlof in Nederland bly ek en my vrou in die gemeente *De Poort* in Winsum. Ek ontmoet jong lidmate wat 'n groot passie vir die evangelie het. 'n Koor van 15 "meiden" sing vol oorgawe in die kerkdiens. Katkisante vra belangstellend uit oor ons sendingwerk in Soshanguve. En ons het 'n vergadering met *Athletes in Action* oor 'n moontlike samewerking in 2010.
Rik Horstman en Bram Koerts vertel oor AiA se visie. Jong Christene gebruik hulle gawes om deur sport hulle maats met die goeie nuus van Christus te bereik. Veral in die somermaande word *sport clinics* aangebied. In 'n goeie gees word verskeie sportsoorte beoefen. In dieselfde goeie gees deel die jong Christene hulle geloof met leeftydsgenote. Dominee Jasper Klapwijk van *De Poort* is bewus van AiA se projekte. Heelwat lidmate in Winsum is aktief betrokke by evangelisasie. Die probleem met hierdie aksies is wel dat dit moeilik is om ná die vakansie die vuur aan die brand te hou. Hoe kan ons dié jongmense motiveer om *mission minded* te bly, ook in hul eie omgewing?
Ek is nie negatief nie. Ek onthou hoe ons in my vorige gemeente elke jaar *Amersfoort in Motion*

gehad het. 'n Sportweek waar kinders van 6 tot 16 jaar bereik is met *panna* – 'n variant op sokker – en dans. Die kinders word dan ook deur drama, musiek en getuienis oor God vertel. *AIM* is gereël vanuit gereformeerde kerke in Amersfoort. En dit is vir my wel 'n voorwaarde. Dit help min om kort projekte te hou as daar geen nasorg vanuit 'n bestaande gemeente is nie. Die ander deelnemers aan die gesprek stem saam. Dit sou mooi wees om binne strukture wat reeds bestaan – gereformeerde kerke in Winsum en Soshanguve – jongmense *toe te rus* vir evangelisasie. Tydens die projek word verhoudings gebou deur middel van sport en spel. Dié verhoudings word gebruik om mense na Christus te lei.
Tydens ons vergadering groei die entoesiasme. Ons maak afsprake om in Nederland en in Suid-Afrika die bal aan die rol te kry.

23 Oktober 2009: 229 dae oor
Ons *sendingspan* vergader in Soshanguve WW.
Ek doen verslag van my reis na Nederland. Daarby is 'n voorstel ingesluit om in Julie 2010 'n sokker–evangelisasie–projek te reël. Jong kerklidmate uit Winsum word in Nederland voorberei. AiA het hiervoor 'n spesiale projek ontwikkel – *Grow2Go* – om deelnemers geestelik op hul sendingwerk voor te berei. Deelnemers in Soshanguve kan ook hulp by hul voorbereiding verwag – AiA het blykbaar mense in Pretoria.
Die plaaslike gemeentes in Soshanguve speel 'n belangrike rol. Jongmense neem aktief deel aan die *sports clinics*. Gesinne word gevra vir die huisvesting van mense uit Winsum. En die hele nasorg is ook die verantwoordelikheid van die kerk hier.
Die sendingspan raak geesdriftig en besluit om 'n *kommissie* aan te wys. Hulle moet die kontak met AiA en *De Poort* onderhou. Hulle gaan ook die gemeentes in Soshanguve inlig. En die praktiese invulling van die hele projek word aan hulle opgedra.

31 Oktober 2009: 221 dae oor
Die aangewese kommissie vergader in Soshanguve CC. Dominee George Mnisi word as voorsitter aangewys. Die ander lede is Thabang Mdaka (sekretaris, wyk CC), Sipho Makobe (wyk GG), Donovan Mathebula (CC) en Thabang Moncho (wyk WW). Dié manne is nie sommer entoesiasties nie. "Hoekom wil ons sokker gaan speel met jongmense uit ons eie kerk? Daar is juis baie buite die *Free Reformed* wat Jesus nog nie ken nie!" Hul geesdrif groei as dit blyk dat dit juis die bedoeling is. Ons jong kerklidmate word ingeskakel om ander buite die kerk met die goeie nuus te bereik.
Daar is ook praktiese vrae. Hoekom net sokker? Hoekom *na* en nie *voor* die 2010-Wêreldbeker nie? Wie gaan materiaal en reiskoste voorsien?
Dan groei die geesdrif. Ons kommissie spring aan die werk.
Een ding sal nog nie aan die gemeente oorgedra word nie. Die plan kyk verder as 2010. In die kader van wederkerigheid word voorgestel om in *2011* jong mense uit Soshanguve *na Winsum* te nooi om daar aan 'n soortgelyke projek deel te neem.
Die kommissie dink dis 'n goeie plan. Maar ons soek nie reislustige mense wat 2010 op die koop toe neem nie. Ons benodig gemotiveerde Christene wat hulle geloof wil uitdra. Na 2010 kan ons verder kyk na 2011.

6 Desember 2009: 185 dae oor
Die voorbereidings is in volle gang. In Winsum het hulle begin met rekrutering en insameling van fondse. Daar word ge-epos tussen Suid-Afrika en Nederland. Toe kry ek 'n e-pos van 'n besorgde ma uit Assen. Haar 19-jarige seun beplan om ook met 'n AiA-projek na Suid-Afrika te gaan. Maar sy en haar man het 'n probleem daarmee. "Onze moeite [is] een beetje dat er toch plaatselijke kerken zijn in Zuid-Afrika. (...) Lopen zij de kerken niet voor de voeten? Maar ook: evangeliseren doe je toch vanuit de Gereformeerde belijdenis. Of is dat land zo groot en moet je toch ergens beginnen, nl. bij Jezus en is de kerk even niet belangrijk?"
Wat die eerste betref, kon ek die suster daarop wys dat 'ons' projek juis gekoppel is aan plaaslike gereformeerde kerke. Dit is nie 'n vlugtige aksie nie. Nasorg is goed gereël. Die tweede vraag is herkenbaar. *Athletes in Action* het wel heelwat gereformeerde medewerkers, maar is as organisasie breed Christelik. Hul boodskap ontleen hulle aan Lukas 4, waar Jesus in Nasaret sy roeping formuleer op grond van Jesaja 61: *goeie nuus vir armes, vrylating vir gevangenes, herstel van gesig vir blindes*. En is dit nie die kern van die evangelie nie?
Natuurlik is daar meer om te sê: oor die werk van die Heilige Gees, oor prediking en sakramente en gemeente-wees. Maar alles op sy plek. Ons is dankbaar as heidene vir Christus leer ken en begin om volgens sy Woord te lewe. Ek is bly met jong gelowiges wat hulle gawes vir dié bediening wil insit.

22 Desember 2009: 169 dae oor
Vandag ontmoet ons in Soshanguve twee Nederlandse jongmense wat tydelik vir *Athletes in Action* in Suid-Afrika werk. Kristien Kloosterman – wie se ouers in my eerste gemeente was – en Karsten van Loon is altwee *stinters (Short Term INTernationals)* wat as vrywilligers help om plaaslike projekte voor te berei en te ondersteun.

Ek luister na die gesprek en neem 'n kommunikasie-probleem waar. Nee, dit is nie oor die taal nie – almal se Engels is op datum. Maar die hele benadering verskil.
Ons ouens praat oor *evangelism through sports*. 'n Afgeronde aksie in Julie 2010. Jongmense wat leeftydsgenote met die Evangelie bereik. Die kerke wat pa staan vir die begeleiding en nasorg. Wat kan AiA bydra ten opsigte van toerusting, materiaal en geld? AiA se mense wil weet wat die kerk se visie is in *sports ministry*. Hulle sien duidelik meer as net 'n beperkte projek. Dit gaan om *serving the community*. Hulle probeer ons betrek by hul werk vir die hele Soshanguve, onder leiding van die Ebenezer-kerk. Dit gaan mos nie om "ons kerk" nie, maar om die koninkryk van God. Dit vra om 'n vervolg. Misverstande sal opgeklaar moet word.

11 Januarie 2010: 150 dae oor
Karsten van Loon e-pos my. Hy wil 'n nuwe ontmoeting met ons kommissie hê. Ook stel hy voor dat ons deur *Skype* 'n konferensie reël met iemand in Winsum. Ek maak duidelik dat hy eerder met George Mnisi moet skakel. Ek het wel die verbinding gemaak, maar ons mense in Soshanguve is selfstandig. *"Geen Nederlandse onder-onsjes!"*

21 Januarie 2010: 140 dae oor
Vandag ontmoet Karsten vir ds George. Ek het ander verpligtings, maar probeer deur e-pos en *Skype* wel om in te meng. [Ook vir my is dit moeilik om Soshanguve selfstandig te laat wees.] Later *skype* George vir my: "*We finally have an understanding of each other.* Die verantwoordelikheid vir die projek bly by ons kerk, AiA gaan help met die *training* van ons lidmate."

9 Februarie 2010: 121 dae oor
Hoe gaan dit met die voorbereidings in Nederland? Vanuit Winsum kry ons 'n e-pos waaruit blyk hulle is volstoom besig.

- Daar is *inhoudelike* voorbereidings. Hulle reël werkswinkels vir die leiers (in Februarie) en vir die deelnemers (in April en Julie).
- Die *finansies* kry aandag. Deelnemers moet self 850 euro betaal. Die oorblywende 1 000 euro word verdien deur aksies soos verkope van neute, reël van sokkerwedstryde en karre was.
- Hulle soek *publisiteit*. De Poort en ander gemeentes word ingelig. 'n Beplande televisie-kerkdiens word ook aan die AiA-projek gekoppel.
- Intussen word die Julie-projek in *Winsum self* nie afgeskeep nie.
- Alles word gedra deur *gebed*.

25 Februarie 2010: 106 dae oor
Die kommissie vergader in Soshanguve WW. Uit Nederland is *Margreet Kremer en Jannet Oosterveld* aanwesig. Dié twee besoek die sending in Suid-Afrika namens die ondersteunende kerke in Nederland. Hulle sien dat ook hier die sokkerbal aan die rol is:

- ✓ Daar is ongeveer 25 lidmate uit Soshanguve en 15 uit Winsum wat gaan deelneem.
- ✓ Die projek word op *twee plekke* gehou: in wyk CC (van 26 Julie tot 1 Augustus) en in wyk XX (van 2 tot 8 Augustus). Op altwee plekke word dit afgesluit met 'n spesiale kerkdiens.
- ✓ *Gasgesinne* word gesoek in wyk CC (die eerste week) en wyk XX (die tweede helfte).
- ✓ Soshanguve se deelnemers berei hulle voor in *werksessies* wat op 30 en 31 Maart begin.
- ✓ Op Nasionale Vrouedag op 9 Augustus word 'n *jeugkongres* in Mamelodi beplan saam met die Nederlandse gaste.
- ✓ Alles word gedra deur *gebed*.

Omdat ds George in Mei 'n besoek aan Nederland bring, kan hy en sy vrou Portia ingespan word om die Winsum-deelnemers voor te lig oor die lewe in Soshanguve. Wat kan hulle verwag?

6 Maart 2010: 96 dae oor
Sam Matlhokoane doen sy klassis-eksamen. By die vak Etiek kom 'n interessante vraag van ds George Mnisi. *Are you going to support Bafana Bafana?* Sam se reaksie is amper dieselfde as wat ek die volgende oggend op RSG se *Sondag Aktueel* hoor. "As burgers van hierdie land mag ons trots wees op ons sokkerspan. Christene kan maar die *vuvuzela* uithaal en hulle land ondersteun."
Die kandidaat druip sy eksamen.

10 Maart 2010: 92 dae oor
Die afsnydatum vir my artikel het aangebreek. Vir verdere nuus, hou die webwerf van *GKv De Poort* dop: http://www.depoortwinsum.nl/. Of kyk op my blog: http://www.morutideboer.web-log.nl.

***Ds Tjeerd de Boer** is sendeling in Soshanguve.*



Gesang 137

Roem al wat leef die Heer se dag –
die glorieteken van sy mag!
Bo alle magte is Hy groot,
Hy is oorwinnaar oor die dood.

Geen doodse bande kon Hom keer
dat Hy oor sonde triomfeer.
Die leë graf spreek elkeen aan:
Die Lewensvors het opgestaan!

My hart spring op van vreug in my.
Die Lewensvors het opgestaan;
Hy leef, ons deel sy heerlik' lot:
Hy leef, ons Here en ons God!

Aan Hom wat was en is en bly,
word al ons lof en dank gewy.
Verhoog sy Naam en majesteit
en roem Hom tot in ewigheid!

Resensie : MUGABE and the WHITE AFRICAN

- JMT Labuschagne

Samelewing & Politiek

AfriForum loods regsfonds

Die burgerregte-inisiatief, AfriForum, het tydens 'n spesiale voorafvertoning van die bekroonde dokumentêre rolprent, ***Mugabe and the White African***, verlede maand 'n regsfonds gestig wat spesifiek daarop gemik is om regsaksies oor burgerregte-aangeleenthede te voer. AfriForum het in die onlangse verlede na vore getree as 'n burgerlike organisasie wat poog om deur regsoptrede in te gryp waar die owerheid skeeftrap. In September verlede jaar het AfriForum namens 69 skole in Pretoria wie se krag afgesny is, suksesvol 'n hofinterdik teen die munisipale- en die provinsiale regerings gekry om heraansluiting van die skole se kragtoevoer te bewerkstellig. AfriForum is ook deur die Zimbabwiese Commercial Farmers' Union genader om hulp te verleen in die uitgerekte stryd teen die Mugabe-regime se grond-vergrype. Verlede jaar het regsoptrede uitgeloop op 'n skikking wat behels dat die Suid-Afrikaanse regering hom verbind om Suid-Afrikaanse boere in Zimbabwe by te staan. 'n Groot deurbraak vanjaar was 'n suksesvolle aansoek voor die Hooggeregshof in Pretoria waardeur 'n bevel van die Tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap teen die regering van Zimbabwe geregistreer is as 'n bevel van 'n Suid-Afrikaanse hof. Die effek daarvan is dat bates van Zimbabwe in Suid-Afrika in die nabye toekoms uitgewin kan word om skades te verhaal wat Zimbabwiese boere gely het onder die Mugabe-regime se grondherverdelingsprogram.
AfriForum raak ook toenemend betrokke by regsgedinge waar die Polisie onregmatig opgetree het teenoor lede van die publiek of waar polisie-oneffektiwiteit uitgewys word.

Voordat 'n storm losbreek, waai daar eers 'n koel briesie wat 'n mens hoendervleis gee. ***Mugabe and the White African*** is so 'n koel briesie voor die storm wat in Suid-Afrika kan losbreek as ons nie daarop ag slaan nie. Dis juis hieroor dat my vrou na die vertoning van die prent gesê het hierdie is 'n soort wekroep aan alle mense om betrokke te raak en te help verhoed dat ons land nie ook 'n rassistiese, Mugabe-agtige diktatorskap word nie.

Mugabe and the White African is 'n dokumentêre film wat grotendeels in die geheim geskiet is, omdat buitelandse joernaliste nie vrye toegang in Zimbabwe toegelaat word nie. Dit was 'n enorme waaghalsige verfilming, want sou die rolprentmakers gevang word, sou hulle deurgeloop het onder die woede van die Mugabe-regime. Dit op sigself moet 'n mens baie waardering vir die film gee.
Die roplrent handel oor die dreigende plaasbesetting van die plaas Mount Carmel van 'n wit, Zimbabwiese familie. Die gesinne van Michael Campbell en sy skoonseun, Ben Freeth, betwis die besetting – eers in Zimbabwiese howe en dan by die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap-tribunaal in Windhoek. Hulle stry vir die erkenning van hul regte om die plaas te mag besit. Die vertelling is op 'n baie eerlike en gestroopte manier gedoen – deels, waarskynlik, omdat die verfilming nie met gesofistikeerde toerusting gedoen kon word nie en deels omdat dit poog om die rou werklikheid van die bestaan as 'n wit boer in Zimbabwe uit te beeld. Hierdie dokumentêre film fokus nie net op die gesin nie, maar wys ook uit wat die gevolge van die plaasbesetting vir die talle swart werkers en hul gesinne inhou.

Reeds vroeg in die film leer 'n mens die Campbell- en Freeth-gesinne ken as doodgewone, diep gelowige mense wat net 'n bestaan as boere in Zimbabwe wil maak onder 'n rassistiese regering wat geen erkenning meer aan die reg gee nie.
Mike Campbell het Mount Carmel net ná onafhanlikheidswording in Zimbabwe gekoop. Dit is duidelik dat sy eienaarskap nie verwerf is onder die ou, koloniale dispensasie nie. Geen swart burger se grond is onteien en aan hom gegee nie. Hierdie feit beklemtoon die waarheid dat die grondhervorming wat deur die Mugabe-regering van stapel gestuur is, niks te make het met die

regstelling van ongeregtighede uit die koloniale verlede nie. 'n Verdere punt wat gemaak word, is dat slegs blanke plase geoormerk word vir herverdeling deur die regering en geen ander rasgroep se plase nie. Op 'n stadium wys Mike Campbell se advokaat vir die kamera 'n lys wat aandui aan wie die onteiende plase toegeken is en dit is duidelik dat net hoëlui van die Mugabe-regime voordeel uit die 'herverdeling' trek. Hierdie rassistiese beleid vorm die grondslag vir Mike Campbell se aansoek by die genoemde tribunaal.

Die film bereik 'n hoogtepunt wanneer Campbell, sy vrou en Freeth ontvoer en wreed aangerand word. Freeth se vrou vind egter berusting in haar geloof in God as die bron van alle reg en Freeth put sy krag uit God se beloftes in Spreuke 29:25-26: "Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word. Daar is baie wat die aangesig van die heerser soek, maar die reg van 'n mens kom van die HERE."

Die res van die verloop wil ek nie verklap nie, maar ek kan net sê dat tonele daarvan onstellend is. Dit is egter regverdig om dit te vertoon, omdat dit die rassistiese brutaliteit van Zimbabwe duidelik in fokus plaas. Rolprente soos hierdie het almal se ondersteuning nodig.

Willie Spies *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

DIE FRANSE REWOLUSIE
- Lesse vir die nuwe Suid Afrika

Samelewing & Politiek

Ver van my bed…

Die Franse Rewolusie het in 1789 begin. Het dit sin om jou in die 21ste eeu nog daarin te verdiep? Ek hoop dat hierdie artikel dit sal opklaar. Inderdaad, die Franse Rewolusie het nog steeds invloed op vandag. Kom ons begin met 'n praktiese voorbeeld:

Hoekom ry ons aan die linkerkant van die pad, terwyl hulle in Europa regs ry?

Lank gelede het alle mense links gery. Dit het ontstaan uit die gebruik dat ruiters te perd mekaar links verbygegaan het. Hulle kon dan met hul regterhand die aankomende persoon groet, of hul swaard uittrek. Na die Franse Rewolusie het dit verander. Aangesien die rewolusie 'n beweging was van die massas, en aangesien net die adel dit kon bekostig om te perd of met 'n perdekar te reis, het die massas in die gees van die rewolusie gesê: voortaan moet alles anders wees. As die adel links ry, gaan ons regs ry. Dit was die nogal irrasionele rede hoekom die verkeer in Frankryk van toe af regs begin ry het. Dit is ook ingevoer in alle lande op die vasteland van Europa wat Napoleon beset het. Napoleon het egter teen Engeland verloor, en dus het hulle in Engeland links bly ry. Vandag sien 'n mens dat in alle lande wat eens 'n Britse kolonie was, die verkeer links is, terwyl lande wat destyds onder Franse bewind gestaan het, of sterk deur die rewolusie beïnvloed is (soos die VSA), die verkeer regs is.

Wie was Groen van Prinsterer?

Willem Groen van Prinsterer het van 1801 tot 1876 geleef en was 'n Nederlandse politikus en historikus. Hy het bekend gestaan as 'n diep gelowige man, en hoewel hy baie kritiek gehad het op die afvallige Hervormde Kerk van sy tyd, het hy hom nie van daardie kerk afgeskei nie. Wel was hy deel van 'n groep genaamd die *Réveil (=Opwekking)* wat gepoog het om hierdie kerk van binne uit te reformeer. Van 1829 tot 1833 was hy sekretaris van koning Willem I. Later het hy leier geword van die *Anti-Revolusionêre Party.* Namens hierdie party het hy sitting gehad in die Nederlandse parlement en Tweede Kamer. Maar hy was die meeste bekend as felle stryder teen die beginsels van die Franse Rewolusie, wat in die 19de eeu orals in Europa gepropageer is. Sy bekenste werk is sy boek *Ongeloof en Revolutie*, wat in 1847 ontstaan het as openbare lesings, en later vele heruitgawes beleef het. Dit is aan die hand van hierdie boek wat ons na die Franse Rewolusie gaan kyk.

Los van hierdie hoogstens lastige oorblyfsel van die Franse Rewolusie, kan daar nog heelwat lesse geleer word uit die geskiedenis van hierdie roerige periode, ook vir die nuwe Suid-Afrika. Maar voordat ons dit doen, sal ons eers 'n bietjie moet kyk na wat nou presies gebeur het. In hierdie artikel kyk ek na die

Franse Rewolusie veral deur die oë van Groen van Prinsterer. In sy boek *Ongeloof en Revolutie* beskryf hy nie net die gebeure nie, maar probeer dit ook as 'n Christen beoordeel.

Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876), skrywer van die boek 'Ongeloof en Revolutie'

In 'n neutedop…

Die Franse Rewolusie word meestal gedateer van 1789-1799, hoewel die direkte gevolge daarvan veel langer geduur het. In hierdie periode is die monargie in Frankryk afgeskaf (die koning is onthoof) en vervang met 'n demokratiese stelsel gebaseer op die idees van die Verligting. Hierdie omwenteling het met veel geweld en wetteloosheid gepaard gegaan; na raming het veertigduisend mense in hierdie tien jaar gesterf. Na hierdie periode het Napoleon se skrikbewind gekom, wat ook 'n direkte gevolg was van die Rewolusie. Daar word geskat dat 3,5 miljoen soldate en 3 miljoen burgers tydens sy regering omgekom het. Verder is daar twee keer gepoog om die monargie weer te herstel, maar ook nog twee addisionele rewolusies het gevolg.

Rewolusie vs Reformasie

Die basiese stelling wat Groen oortuigend stel, is dat die rewolusionêre wêreldbeskouing 'n omkering is van die beginsels van die Reformasie, wat tot dan toe nog in Europa geheers het. Deel van die rewolusionêre wêreldbeskouing is die bekende drie woorde *vryheid – gelykheid – broederskap*. Die soewereiniteit van die volk is beskou as die hoeksteen van die staat. Groen toon aan dat hierdie hoeksteen die gevolg is van die Deïsme en Ateïsme wat al hoe meer veld begin wen het in Europa.

Deïste het nie meer gepraat oor 'n *lewendige God* nie, maar oor 'n *Opperwese*, of 'n *Krag* wat eens die aarde tot stand gebring het, maar dit daarna aan sy eie natuurwette oorgelaat het. Soos 'n mens 'n wekker sou stel om dan vervolgens te gaan slaap, omdat die wekker tog vanself verder tik. Deïsme was 'n direkte gevolg van die Verligting, waar die menslike rede verhef is bo God se openbaring. Dit het later geblyk dat die Deïsme slegs 'n voorloper was van Ateïsme.

Waar die hoeksteen van die staat altyd gevind is in God, die opperste bron van gesag, het die Deïsme en Ateïsme God uit die openbare domein verdryf, met die gevolg dat die volk nou God se plek kon inneem. Die Goddelike oorsprong van gesag is deur die rewolusionêre wêreldbeskouing as ouderwets afgemaak, iets wat by die Middeleeue tuishoort. Eintlik was dit – volgens hulle – net 'n slim praatjie van die konings, adellikes en priesters, wat so alle mag self in hande wou hou.

Volgens die Rewolusie behoort die opperste mag egter nie aan God nie, maar aan die volk. Gesagsdraers ontvang daarom nie hulle mag uit die hand van God nie, maar uit die hand van die volk. Volgens Groen verstaan 'n mens nog nie die essensie van die Franse Rewolusie as 'n mens dink dit was net 'n stryd tussen voorstanders en teenstanders van die Monargie nie. Want in sowel 'n Monargie as 'n konstitusionele stelsel is dit moontlik om te erken dat die opperste gesag van God af kom. Die Humanisme wat aan die Franse Rewolusie ten grondslag gelê het, wou egter niks meer weet van 'n God in die politieke terrein nie – *ni Dieu, ni maitre*.

Volgens Groen het die voorstanders van die Rewolusie egter eers 'n karikatuur van die *Droit divin* (Goddelike oorsprong van die gesag) gemaak, voordat hulle daarteen gedraai het. Asof die wil van die koning per definisie altyd gelyk sou wees aan die wil van God. Groen wys egter terug na Romeine 13:1, waar ons die werklike stand van sake aantref: "daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel."
Die mag van die koning is aan bande gelê deur baie tradisionele strukture. Die sterkste teenwig was juis die *Droit divin*, die besef dat daar 'n hoogste Gesagdraer bo hom staan aan Wie hy hom moet onderwerp. Dit was die sterkste waarborg teen magsmisbruik.
Juis hierdie waarborg is egter deur die Rewolusionêres afgeskaf – die staat het geen

opperste gesag meer bo hom gehad nie, behalwe vir die 'wil' van die volk. En die 'wil' van die volk is arbitrêr en onvoorspelbaar, met die gevolg dat dieselfde retoriek van die rewolusie, wat aanvanklik gebruik is om die koning te onttroon en te onthoof, na die rewolusie deur die volk gebruik is om ook die winkeleienaars se winkels te plunder, die boer van sy land te beroof, en die arbeider van sy huis.

A-historiese vooruitgangsoptimisme

Groen toon verder aan dat dit tipies van die Rewolusionêre wêreldbeskouing is om a-histories te wees. Dit is as gevolg van die wortels wat die Rewolusie het in die Verligting, die denkwyse wat so positief was oor die mens se rasionele vermoëns en die vooruitgang wat die menslike ras beleef teenoor byvoorbeeld die donker Middeleeue. 'n Gevolg van hierdie a-historiese houding op die politiek was dat daar 'n wydverbreide minagting van bestaande openbare stelsels begin posvat het. Dit was stelsels wat deur die eeue ontwikkel is. Dit was naamlik so dat daar, naas 'n koningshuis, in die verskillende Europese lande ook laer owerhede was wat – hoewel lojaal aan die koning – hul eie gesagsterreine gehad het. Daar was 'n magsbalans. Die mag van die koning was ingeperk – elke gebied, stad, gilde, beroepsgroep en sosiale stand het sy eie magte en voorregte gehad, met as gevolg 'n groot mate van onafhanklikheid. Elke grondeienaar, elke geestelike of adellike, elke sosiale groep het die reg gehad om te groepeer. Hoewel al hierdie verenigings ondergeskik aan die koning was, het die koning nie die reg gehad om hul onafhanklikheid aan te tas nie. Die reg op eiendom het bestaan en outonomie in elkeen se veld van spesialisasie. Daar was sprake van 'n simbiose, waar die gildes en verenigings die welvaart van die koninkryk – hetsy materieel of geestelik – bevorder het sonder dat die koning met alles ingemeng het. Die koning was ook afhanklik van die sosiale stande en gildes vir belasting. Hy kon nie eensydig hierdie belastings verhoog nie. Van sy kant was dit egter die koning se taak om sy onderdane te beskerm teen vyande en stabiliteit te waarborg.

Getemperde Monargie

Hierdie magsbalans in Europa is deur die eeue ontwikkel en kan volgens Groen die beste bestempel word as 'n *getemperde Monargie*. Dit in teenstelling tot 'n absolute Monargie of despotisme, wat volgens Groen in ander wêrelddele soos die Midde-Ooste en Asië voorgekom het. Watter beslissing die koning ook al moes neem, altyd moes dit in konsultasie met die laer owerhede gebeur, of dit nou stadsrade, gildes of geestelikes of wie ook al was. Dit het voorkom dat hy haastige of ondeurdagte beslissinge sou neem.

Hierdie tradisionele gesagsnetwerk is egter afgeskaf deur die Rewolusionêre rigting en deur verregaande sentralisasie van die mag vervang, met die gevolg dat daardeur die regte van provinsies, stede, gildes, ensovoorts vernietig is. Hierdie sentralisasie is geëis op grond van die volgende redenasie: as die opperste mag aan die volk behoort, en as die (sentrale) Staat die wettige verteenwoordiger van die volk en die wil van die volk is, dan moet die staat dus in beheer wees van alles. Die gevolg was – en dit sien 'n mens gebeur in die jare na die Rewolusie – dat die staat 'n almagtige liggaam geword het. Dit is aanvanklik gelanseer deur die wil van die volk, maar het vervolgens 'n totaal outonome lewe begin lei, met die gevolg aan die een kant die vernietiging van alle bestaande gesagstrukture (*checks and balances*), en aan die ander kant 'n passiwiteit by die volk – want die staat is mos vir alles verantwoordelik. Al wat oorgebly het, was die 'Staatsmasjien', en die getemperde Monargie soos dit deur eeue ontwikkel is, is afgeskaf.

Die valbyl het by uitstek die simbool vir die Franse Rewolusie geword

Nou moet 'n mens daarvoor oppas om die Europese monargieë van daardie tyd te idealiseer. Neem byvoorbeeld die Franse koningshuis wat 'n geweldige uitspattige lewenstyl gehad het. Maar tog, sê Groen, verstaan 'n mens nie die essensie van die Franse Rewolusie as jy sou meen dat dit bloot 'n reaksie was op al die misstande aan die koninklike hof nie. 'n Mens kan nie ontken dat die Europese monargieë tot stand gekom het onder invloed van Christelike beginsels nie.

As 'n mens hulle vergelyk met die despotiese magte op ander kontinente (Groen noem ryke soos Turkye en Persië), dan het die Europese monargieë ver uitgestyg in geregtigheid en in welvaart vir alle lae van die bevolking.

Koning Lodewyk XVI, die koning wat tydens die Franse Rewolusie onthoof is

Vergeleke met ander kontinente was daar in Frankryk nog 'n menigte aan privaat regte, regte vir korporasies, munisipaliteite en provinsies.

Om een voorbeeld te noem, Groen verwys na die openbare taak wat boere gehad het om op die platteland die paaie in stand te hou – die sogenaamde *drostendienst*. Voor die rewolusie was daar baie kritiek hierop, en sommiges het dit as slawerny bestempel. Maar, sê Groen, as 'n mens dit met die slawerny in Afrika en Amerika vergelyk, is dit werklik nie noemenswaardig nie. En – agterna beskou – ook veel beter as die toestande wat na die Rewolusie ontstaan het.

In die volgende artikel gaan ons kyk hoe die Rewolusie geïmplementeer is en die afskuwelike wreedhede wat gevolg het. Ook gaan ons kyk na die indeling in 5 fases wat Groen op die Rewolusietyd toepas, 'n indeling wat baie nuttig sal blyk te wees vir die beoordeling van ook latere rewolusies...

Ds PG Boon *is sendeling in Soshanguve.*

Hierdie artikel is 'n bewerking van 'n lesing wat op die VGKSA Predikanteseminaar van Desember 2009 gehou is. Die tema van die Seminaar was: Ons politieke taak in Suid-Afrika

JULIUS

In Pers-pektief

As u die naam "Julius" lees, mag u dalk dink aan Julius Ceasar, die bekende keiser van Rome, of aan Centurion Julius wat Paulus na Rome moes bring (Hand 27:1). Maar dan woon u waarskynlik nie in Suid-Afrika nie. Die meeste mense wat in Suid-Afrika woon, dink by die hoor van die naam "Julius" aan Julius Malema, die leier van die ANC-Jeugliga. Hierdie jong man het dit reggekry om amper net so bekend te word en net soveel aandag te kry as die president van die land. Hy is amper daagliks in die nuus en op televisie. Is dit rede om nou reeds aandag te gee aan hierdie moontlik toekomstige president van die land ?

Die eerste vraag is hoekom Julius Malema so gereeld in die nuus is. Daar is verskeie redes daarvoor. In die eerste plek is hy 'n baie uitgesproke persoon, wat geen moeite het om duidelik te sê wat hy dink nie en selfs baiekeer kontroversieel is (teen die gangbare denkriging, ook binne ANC-geledere, in). Tweedens is hy 'n persoon wat duidelike gawes het om mense op te sweep. Hy kan groot skares - veral jeugdiges - amper sover bring dat hulle hom blindelings sal volg. Net soos President Zuma is hy 'n "populis", 'n persoon wat die gemoedere van die "gewone", en deurgaans ongeletterde, volk aanspreek. Derdens het Julius duidelike sosialistiese oortuigings, veral m.b.t. die sterk rol wat die staat moet speel om die ekonomie onder beheer te kry. In die vierde en nie onbelangrikste plek is Julius presies die persoon wat koerante soek om hulle verkope te stimuleer. Julius het "groot" geword a.g.v. die pers wat sterk verteenwoordigings stuur orals na waar hy iets gaan sê.

Die vraag is of ons moet verontrus raak oor die opruiende taal van hierdie ANC-jeugleier. Dit kan nie ontken word nie dat Julius groot invloed uitoefen op die swart volksmening. Met sy oorlogspraatjies is hy nie 'n persoon na wie die blanke deel van die bevolking of dalk ook die ontwikkelde swartman met vertroue opsien as een van die toekomstige leiers van die land nie. Hy wil boere se grond afvat en myne nasionaliseer, hy soek 'n miljard Rand van die regering vir sy jeugliga, ens. As Julius se

menings realiteit sou word, dan lyk dit nie goed vir ons vryemark-ekonomie en ons landbou nie. Dan kry ons 'n Julius "Mugabe".

Die verontrustende is veral dat die ANC-leierskap hom nie openlik durf teregwys nie. Dit kan twee dinge beteken. Of die ANC-leierskap orkestreer sy toesprake tot 'n mate en spoor hom agter die skerms aan om kontroversieel te wees en nuwe politieke en maatskaplike idees onder openbare bespreking te bring. Of die ANC-leierskap is bang vir Julius omdat hy die held van die swart jeug is en hulle huiwer om openlik teen hom standpunt in te neem of sy oorlogspraatjies te verbied. Ek dink die laaste is eerder die geval, want daar is ook mense in die ANC wat nadink en duidelik met Julius van mening verskil (en nie net in die Kommunistiese Party nie). Maar die gevaar is dat, as sekere denkrigtings nie reggestel word nie, sal dit stadigaan invloed begin uitoefen.

Organisasies of individue kan regstappe teen Julius onderneem om hom te laat boet vir sy opruiende en kwetsende uitsprake. Maar dit is juis nog meer olie op die vuur, want dit beteken nog meer publisiteit vir hom. Dit sal dus aweregs werk. En met 'n magtige party agter hom en 'n regbankstelsel wat reeds tot 'n groot mate die invloed van regstellende aksie ondergaan het, is die kanse op sukses besonder skraal.

Een van die faktore wat hierbo genoem is, is die pers wat soveel aandag aan Julius gee. Dit is waarskynlik reg om te veronderstel dat Julius "blom" op hierdie belangstelling en gretig die pers dophou om te sien hoe hy nou weer aandag kry, al is dit deurgaans negatief. As die pers dus minder of hoegenaamd geen aandag aan Julius se toesprake sou gee nie, sou sy bekendheid en impak afneem. Dit het ook gebeur met Winnie Madekizela Mandela. Maar dit is moeilik om dit van die pers te verlang, want dan skiet hulle hulself in die voet met verminderde inkomste.

'n Alternatief is om ondersoek in te stel na Julius se persoonlike lewe en sake wat inkonsekwent is, soos sy direkteurskap van maatskappye, en om sy blykbaar groot inkomste uit staatsopdragte aan die kaak te stel en daardeur sy aansien onder die armes te probeer ondermyn. Maar ek dink nie dat dit 'n groot impak op sy ondersteuners sal hê nie. Want hulle steun hom ongeag wat hy doen, solank hy welvaart aan hulle belowe.

Tog sou 'n bietjie selfdissipline deur die pers in hierdie geval die land goed doen. Deur aandag te gee aan opruiers, hoeseer dit ook by die sensasionele aspek van die pers inpas, word hulle invloed versterk. En dit is in die geval van Julius nie goed nie. In Duitsland van voor 1945 het ons die Hitler Jugend gesien, wat deur die Nazi's gebruik is om baanbrekerswerk vir hulle te doen, gemanipuleer deur die partyleiers. Dieselfde sien ons met die "oorlogsveterane" van die ZANU-PF (lees : Mugabe) in Zimbabwe. Hoewel dit nie die verwagting is nie, kan die ANC-Jeugliga, met leiers soos Malema, ook so 'n rol begin speel.

Nogtans kan ons nie soos die spreekwoordelike volstruis met die kop in die sand gaan leef nie. As die ontwrigtende gedagtes van Malema en die ANC-Jeugliga nie reggestel word deur die ANC se topstruktuur nie sal dit 'n groot deel van die ANC-agterban opsweep tot verwagtings wat onrealisties hoog word ("rykdom nou") of kan daar 'n onbeheerbare vloedstroom ontstaan wat later die party gaan oorneem.

Laat die pers dus maar gereeld by die ANC-leiers gaan navraag doen of hulle saamstem met Julius se uitsprake. As hulle werklik anders dink en die moed het om dit ook te sê, sal hulle die "ceasar" in Julius dalk onder beheer kan hou.

Wat sal ons as Christene aan so 'n situasie kan doen ? As Julius en sy Jeugliga so aangaan, mag daar 'n swart volksrevolusie ontstaan met ontwrigtende gevolge vir die land, soos ons by ons noordelike bure gesien het. Dit sal ook die rustige bestaan van die kerk in Suid-Afrika ondermyn. Die Bybel praat van wyse leiers wat hulle onderdane goed moet regeer. En Julius lei inderdaad baie mense, maar hy weier om verantwoording van sy woorde en dade af te lê, nie teenoor sy eie leiers en ook nie teenoor God nie. Daarom moet ons bid vir mnr Malema, sodat hy wysheid sal ontvang en 'n goeie leier sal word en deur Christelike beginsels begeester sal word. Verder moet ons ook bid dat die ANC-leierskap vir Julius sal aanspreek en tot orde sal roep, sodat die land en die kerk in vrede kan ontwikkel. Die vertroue wat ons het vir die toekoms, is dat nie Malema of Zuma regeer nie, maar uiteindelik Christus. Onder Sy regering kan ons veilig voel.

Hans Moes *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk in Bellville, Kaapstad.*

LEESKRING op GUERNSEY-EILAND

Boekresensie

Op Guernsey-eiland het 'n groep vriende een aand in die geheim saam gekuier oor 'n (onwettig) gebraaide varkboud en 'n glas wyn. Drie van hulle het ná die aandklokreël huis toe gestap, toe hulle skielik **deur 'n Duitse offisier voorgekeer** word.

Die **Tweede Wêreldoorlog** woed naamlik in Europa en selfs 'n Kanaal-eiland soos Guernsey spring nie die Duitse besetting vry nie. Krygsgevangenes het die eiland vol bunkers gebou, omdat Hitler dit as 'n strategiese plek beskou het om die inval van die Geallieerdes aan die Franse kus te keer.

Die drie vriende moes op die plek 'n baie goeie verskoning uitdink hoekom hulle nog op straat was, maar Elisabeth het net daar en dan die **Guernsey Literary and Potato Peel Society** uitgedink. Die Duitse offisier, self 'n kultuurliefhebber, raak met haar in 'n vurige gesprek oor skrywers en digters, en word sodoende doeltreffend afgelei. Hy stel net een voorwaarde: hy wil ook genooi word na hulle volgende byeenkoms van die Leeskring!

Daar is net 'n klein probleempie – **die meeste van hulle het nog nooit 'n boek gelees nie**, behalwe 'n kook- of tuinmaakboek. Op 'n inderhaas saamgeroepte vergadering word besluit dat almal net een boek sal lees en 'n goeie poging sal aanwend om iets daaroor op die volgende leeskring te sê.
Dawsey, 'n eenvoudige boer, koop in 'n tweedehandse boekwinkel 'n boek van Charles Lamb waarin die naam en adres van 'n dame in London geskryf staan. Hy skryf vir haar 'n brief en verduidelik hoe hy haar adres in die hande gekry het. Ook vertel hy meer oor die ontstaan van die Leeskring en sy liefde vir daardie spesifieke skrywer. Kan sy dalk vir hom nog boeke van dieselfde skrywer in die hande kry?

Dit is die begin van 'n lewendige **briefwisseling t**ussen Dawsey en Juliet.
As joernalis het Juliet Ashton juis haar uitgewer laat weet dat sy moeg is om onder 'n skuilnaam opbouende rubrieke vir oorlogmoeë landgenote te skryf. Sy is op soek na idees vir 'n nuwe boek. Deur haar kontak met Dawsey Adams, en deur hom ook met die ander kleurvolle karakters van die eiland, raak sy bekend met die geskiedenis van die eiland en kry sy insig in die lewe gedurende besettingstyd. Sy versoek Dawsey om die ander lede van die Leeskring te nooi om aan haar te skryf oor hul wedervaringe van die oorlog, sodat sy 'n boek daaroor kan skryf.

Die briefwisseling begin kort na afloop van die oorlog, en hoe meer sy van die eiland en sy mense te wete kom, hoe meer verlang sy om soontoe te gaan en die briefskrywers in lewende lywe te ontmoet.
Maar eers moet sy haar uitgewer oortuig en haar vrees vir 'n bootreis oorwin…

Louise Haak *is 'n lid van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad*



The Guernsey Literary and Potato Peel Society
Mary Ann Shaffer en Annie Barrows
R117

CHRISTUS in die MIDDEL?

Reaksie

In die *Kompas*-uitgawe van Desember 2009/Januarie 2010 was die tema **Christus in die middel.** Sekerlik sou die artikels met die beste bedoelings geskyf gewees het. Daar is ook baie in wat die regte pad wys. Soos die artikel **Huweliksbemiddeling.** Op bladsy 2 word duidelik die belangrikheid beklemtoon om vanuit Christus te leef. Maar op bladsy 3 staan plotsloos Christus in die middel. Dan is daar 2 pole, ja, met Christus in die middel, maar die pole leef nie meer vanuit Christus nie. Vandaar die struwelinge en die rusies.

Temas

Tema-artikels, soos ook tema-preke, hou 'n groot gevaar in, naamlik dat die tema oor die teks of oor die Skrif gaan heers. Ook hierdie uitgawe van *Kompas* aksentueer hierdie gevaar. Op bladsy 1 word so heerlik beklemtoon dat Christus nie slegs die middelpunt is, maar ook Middelaar. "Hy staan enersyds tussen God en die mens, andersyds bring Hy die mens en sy naaste asook die mens en alle geskape dinge weer in die regte verhouding tot mekaar". Hoe doen Christus dit? Hy maak ons lote van Hom! "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in my bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;" Joh 15:5. In Hom as loot kan ek tot eer van God werk, die aarde onderwerp en daaroor heers, Gen 1:28. In Christus is ek sy skaap wat sy stem ken en Hom volg, Joh 10:3 en 4. Ek versamel daar waar Christus sy gemeente vergader! Dan staan Christus nie tussen my en die kerk nie, maar omdat ek in Christus is, wil ek wees waar Hy vergader.

Die kerk sien

Oor die regmatigheid van die uitdrukkings **die kerk sien of nie sien nie en visie op die kerk,** kan baie gesê word wat hier nie aan die orde is nie. Dit gaan oor die feit dat Christus altyd in die middel sou staan, ja, selfs dat dit die wese van die Persoon van Christus is om in die middel te wees. "Hy is in die middel van die menslike bestaan, van die geskiedenis, van die natuur." Die bedoeling is nie die middelpunt van 'n sirkel nie, maar die middel tussen twee pole. Die Skrif spreek egter nooit van Christus as middel tussen twee pole nie, maar van die Middelaar tussen God en mense wat hulself aan die duiwel, sonde en dood oorgegee het. Christus is die Middelaar tussen God en die mense, wat Homself as losprys gegee het, 1 Tim 2:5 en 6. Die losprys sê alles. Die mens wat in Christus as sy Saligmaker glo, is losgekoop uit die mag van die duiwel, sonde en dood. In en deur Christus is die ware gelowiges weer aan die kant van God geplaas. As mense wat uit die dode lewend geword het, moet ons ons lede as werktuie van geregtigheid tot beskikking van God stel, Rom 6:13. Christus het my as sy eiendom gekoop en die kerk is sy vergadering, hoe kan Hy dan in die middel tussen sy eiendomme staan? Beide volg Hom immers as die goeie Herder en beide luister na sy woorde en doen daarvolgens, Matt 7:24. Juis die Skrifgedeeltes soos 1 Kor 12:12, Ef 1 en 5 en Openb 19 beklemtoon dat vanuit Christus gelewe word en nie dat Christus in die middel tussen sy Hoof en sy liggaam staan nie.

Ons glo aan **een** heilige, algemene en apostoliese kerk (Geloofsbelydenis van Nicéa). Dan is dit vreemd om te lees: "Dit bly van die grootste belang om te werk aan die eenheid van die kerk. Juis omdat Christus in die middel staan." Nog steeds meer pole, ja, met Christus in die middel. Maar as die pole nie uit Christus lewe nie, is daar verdeeldheid! Die eenheid van God die Vader en God die Seun en die eenheid van die kerk: dit lê inderdaad alles in mekaar se verlengde! Die eenheid van die kerk is 'n eienskap wat God aan die kerk gegee het. Maar vir die eenheid van die gelowiges bid Christus in Johannes 17, "want Hy weet dat ook die gelowiges van die nuwe bedeling 'n wederstrewige volk is."

R F van den Berg is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

ADVERTENSIES

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge. Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

On the Balcony

selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

Die Kompas is nou ook beskikbaar in oudio-formaat (cd of MP3). Kontak gerus Willemien Kleijn op 0761896206 of wkleijn@gmail.com indien u belangstel om dit te ontvang. Die MP3's sal ook beskikbaar wees op ons webwerf: http://kompas.vgk.org.za/.

BOEKENUUS

Samen geloven, samen belijden / MH Sliggers
Hierdie uitgawe is 'n toeligting op die vier belydenisskrifte, nl die Dordtse Leerreëls, Apostoliese Geloofsbelydenis, Geloofsbelydenis van Nicéa en die Geloofsbelydenis van Atanasius. Die outeur bestee baie aandag aan die Bybelse gegewens, op grond waarvan die belydenis geskryf is. Hierdie boek is baie geskik vir Bybelstudieverenigings en gespreksgroepe. Telkens word aangetoon wat die betekenis van die belydenisse vir ons vandag nog het. (80 bladsye – R 140)

The Elder In A Troublesome Time For the Church / H Askes
Hierdie Nederlands gebore outeur, ouderling en onderwyser het die grootste gedeelte van sy lewe in Suid-Afrika deurgebring. Tans woon hy weer in Nederland. Hierdie boek is 'n vertaling en uitbreiding van die Afrikaanse publikasie '*Die ouderling vandag'.* "This practical guide, written by an experienced elder and teacher, is well-researched and an excellent contribution to this topic. The author's approach is a really practical one: down-to-earth, functional and useful. The writer stresses the fact that no elder can take up this office without regular prayers. Elders will find in this excellent publication a wealth of information. They will consult this book again and again. It is an amazingly complete picture of the task of the elder especially in the 21st century. It is written in an easy style and elders will find it convincing, encouraging, stimulating and full of wisdom." (215 bladsye – R 195)

A Vow to Love / Clarence Bouwman
Die Bybelse begronding vir die huweliksformulier kom in hierdie publikasie aan die orde. Wat was God se plan met die instelling van die huwelik? Hoe sonde die oorspronklike doel van die huwelik verdraai het en hoe God deur sy Seun Jesus Christus sy plan met die huwelik weer herstel het, kom aan die orde. Ook onderwerpe soos die rol van die man en die vrou in die huwelik, die permanente aard van die huwelik, hoe om probleme in die huwelik aan te pak, ensovoorts, word bespreek. (183 bladsye – R 130)

So bely en leef ons… Dagstukkies oor die Gereformeerde Belydenisskrifte
Waar dwalings daagliks hand oor hand toeneem, is dit baie belangrik dat ons die suiwere leer van God se Woord – soos vervat in ons belydenisskrifte – sal ken. In hierdie boek word diep gedelf om die onvervalste goud van God se Woord, soos die wêreldwye kerk van Christus dit deur die eeue en tot vandag toe bely, te ontgin. Die dagstukkies is daarom opbouend, geloofsversterkend en rigtinggewend vir die veeleisende lewe van die 21ste eeu. Uitgegee deur die Calvyn Jubileum Boekefonds tydens die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in 2008. (370 bladsye – R 95)

Verken Lewenswetenskappe verder - 'n kritiese evaluering van evolusie / H D Mouton
Die doel van hierdie boek is om onder andere aan onderwysers, leerders en hul ouers op die wetenskaplik onoortuigende aard van die evolusiemateriaal te wys wat in die graad 12-vak Lewenswetenskappe in 2008 aangebied is. Een van die beter handboeke was "Verken Lewenswetenskappe", met skrywers F Clitheroe, M Doidge, S Marsden, S Rampou en I van Aarde, en dis op hierdie handboek waarop hoofsaaklik gekonsentreer word. Daar word ook gewys op die manier waarop die skepping, soos in die Bybel geopenbaar, aan byvoorbeeld Afrika-mites oor oorspronge en verdraaiings van ander volke gelykgestel word. Daarteenoor stel die Bybel dit duidelik Wie die Skepper is, waarvan die volgende verse 'n besondere voorbeeld is: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie", Johannes 1:1-5. (168 bladsye, 1ste druk Augustus 2009 – R 60)

FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Irene van der Meer
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@telkomsa.net
Posbus 26489
0031 Gezina

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Jan de Mooij
Kees Roose
Willemien Kleijn
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Ineke Roose
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente-Bijker

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen (leenpredikant vir 2010):**
  Koedoestraat 33, Bethal 2310; tel 017 647 6881 / 084 440 2428
  emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54,Chantelle 0182 tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412